VRAE EN ANTWOORDE

Goeienaand, vriende. Ek het so pas gepraat met ons dierbare pastoor, broer. Ek is . . . Ek reken daar was 'n paar oor waarby ek nie uitgekom het nie; ek kon net nie verder gaan nie. Goeiste, ek is so ontsteld deur visioene. Sien? En hulle was baie, omtrent vyftien of twintig vanmiddag, en dit skeur my net aan stukke. Om net 'n bietjie hier en daar op te merk. Ek kom uit; ek het gesê: "Broer Neville, as—as jy kan aangaan, gaan aan; ek wil uitglip en huis toe gaan." Ek het gesê: "Ek kan net omtrent omval, selfs my hart aan die fladder, spring." En ek het gesê: "Ek—ek's . . . kan net kwalik meer staan."

2 Hy het gesê: "Broer Branham, die mense het my gevra of jy daardie vrae kon klaar antwoord." En ek—ek—ek wil nooit 'n plig versuim nie. Ek waardeer vir Broer Neville. En miskien sal ek vir 'n paar minute my bes doen. En ek—ek weet daar's . . . Billy het daar ingekom; ek het gesê: "Het jy hulle almal gekry?"

3 Hy het gesê: "Pappa, daar's twintig of meer wat nog oor—oor is." So ek kon nie . . . Dis iets oor die dertig mense vandag, en omtrent vyf-en-twintig van hulle was visioene; so julle kan julle voorstel waar ek staan. So ek—ek's regtig moeg, net regtig geestelik moeg. Maar ons sal bid, reguit begin met hierdie vrae waar ons opgehou het. En dan wanneer ek . . . As ek Arizona toe gaan en hierdie is op my gedagte, sal ek die heeltyd gepla wees. Ek sal binnekort terug wees, as die Here wil, en oor die onderwerp praat eendag so gou as moontlik, oor die korrektheid van huwelik en egskeiding. Kom ons bid.

4 Dierbare God, U ken my hart, en U ken my gevoel; U weet alles van my af. En ek bid, God; daar's baie mense . . . Ek laat hulle net te lank gaan, Here; daar's te veel van hulle. Maar ek is so dankbaar dat ek glo dat daar nie een was wat vandag ingekom het, wat nie gehelp was nie. Ek glo elkeen van hulle het gelukkig en tevrede daar uitgegaan. Die dinge wat ek nie self kon antwoord nie, het U afgekom in visioene en terug in hulle lewens geopenbaar (hulle sit hier, baie van hulle, luister nou daarna en weet dis die waarheid), en aan hulle die dinge geopenbaar wat agter in hulle lewens was wat veroorsaak het dat die dinge gebeur het. Hulle weet, Here. Geen manier vir my in die wêreld om dit te weet buiten U hulp nie.

5 En ek bid, Hemelse Vader, dat alhoewel ek moeg is, maar ek is bly om U dienskneg te wees. En ek bid dat U hierdie sal seën wat oorgestaan het, baie van hulle wat wou inkom. En ek—ek—ek vertrou, God, dat hulle sal—hulle sal gehelp word, U groot Heilige Gees vir hulle sal gee wat hulle ook al nodig het.

6 Help my om hierdie vrae klaar te maak, dierbare God, of die beste wat ek kan, met hulle te doen, sodat U mense hulle vrae beantwoord sal hê. Ek het hulle gevra om hulle te skryf. Hulle het hulle geskryf, en ek voel verplig om hulle vir hulle te probeer beantwoord. So ek bid dat U vir my sal krag gee dat ek in staat sal wees om my plig vir U en vir die mense te doen. In Jesus' Naam bid ek. Amen.

7 Nou, ons sal reguit inval waar ons vanmôre opgehou het. Sommige hiervan mag ek nie in staat wees om te lees nie, omdat . . . ek's 'n bietjie hees, omdat ek baie gepraat het. Hoeveel was op die onderskeiding vandag wat werklik vir God waardeer om julle te gee wat . . . ? Sien? Dis die beste van hulle almal, is daardie soort dienste. Die dinge wat julle wil weet en dinge wat in die lewe weggesteek is, is geopenbaar en vertel.

8 En—en onthou, baie van hierdie dinge . . . Nou, baie van julle weet daar's beslis dinge om oor skaam te wees, wat gesê is en uitgebring is, maar niemand weet dit ooit behalwe ek en God nie. En wat aan julle vertel is, dit moet tussen julle en God wees; los dit net uit. En . . . Hoeveel van julle weet dat die Here dinge geopenbaar het wat was . . . gedoen is, om julle te help? Steek julle hande op as dit het. Sien? Ken nie eens die mense nie, niks omtrent hulle nie, maar Hy—Hy het dit gedoen.

9 Nou, laat ons by die vrae uitkom nou net so gou as moontlik en sien of ek kan kry die . . . Daar's nog een hier wat hier iewers is. Dit sê: "Nommer drie." Ek dink dis 'n brief; dis reg, dis net 'n brief. Ek is jammer. Ek sal hulle hier neerlê soos ek by hulle uitkom, en ek dink . . . Ja, meneer, hierdie is ook 'n brief. En dit sê: "Vraag," maar ek dink dis 'n brief, 'n vraag in 'n brief. Nee, dit is nie, dis 'n vraag oor 'n droom. Goed, ek sal die droom lees, en dan sal ek sien of die Here vir my die uitleg daarvan gee, en dit aanstuur na jou net soos ek kan. Ek veronderstel jy het jou adres. Laat ons sien of dit is; as dit nie is nie, sal ek jou jou adres laat gee, die persoon met hierdie vraag en—en droom. Nee, jy het dit nie.

10 Wie ook al die brief geskryf het (dit het 'n . . . dis net aan my geskryf), gee vir Billy jou adres, so soos ek op my pad uitgaan na Arizona, sal ek in die woestyn gaan en bid. En as Hy vir my die uitleg gee, sal ek weet waarnatoe om dit te skryf (jy sien? Sonder dit daarop om te gee die uitl- . . .) as Hy dit gee. Maar ek sal dit nie sê, tensy dit dit gee nie, want ek kan dit net doen; dan sal ek weet dis reg. Nou.

376. Sal die Bruid, hulle wat hierdie Boodskap glo, uitgaan na die weste, uiteindelik daar vergader, bedoel ek?

377. En is (Nou, net 'n oomblik, hierdie is . . . bring . . . Net 'n sekonde. O! Nee, dit is nie, dit het "O-p-e-n." Ek het gedink . . . Dis Openbaring hoofstuk, en lyk soos "Eerw. Capps," en ek—ek—ek was net 'n klein—'n klein bietjie

deurmekaar met dit. Dis . . . As julle kon sien, dit lyk regtig so. Sien? Dit was "Eerw. Capps" en dan gaan dit hier aan . . . Nee, dis goed.) **praat Openbaring hoofstuk 12, van die Bruid?**

11 Nee! "Nou, sal die Bruid uiteindelik na die Weste toe gaan, uiteindelik?" Nie waarvan ek weet nie; die Bruid is universeel, die hele wêreld oor. Nou, almal wat dit verstaan, sê: "Amen!" [Gemeente antwoord: "Amen!"—Red.]

Ongeag waar jy is, waar jy sterf, wat dit ook al is, as jy in Christus sterf, sal God jou saam met Hom bring. Ongeag of jy verbrand word, opgeëet word, vernietig word, hoe dit ook al is, God sal jou saam met Christus bring wanneer Hy kom. Jy hoef nie in die Weste te vergader of enige plek nie. Waar die Here jou ook al heen lei . . .

12 Nogtans, as jy voel jy wil na die weste toe gaan, laat ek dit nou net baie duidelik maak, voor ek gaan. Nou, so . . . (Neem hulle hierdie boodskap op band op? Hulle doen dit? Goed.) Moenie dat ek vir jou sê waarnatoe jy moet gaan nie. En as jy voel dat jy na die weste toe wil kom, kom na die weste toe. As jy voel dat jy na die ooste, noorde, weste, suide toe wil gaan, gaan jy waarnatoe die Here jou lei. Almal wat dit verstaan, sê: "Amen!" [Gemeente antwoord: "Amen!"—Red.]

13 Ek probeer nie om vir enigiemand te sê waarnatoe om nie te gaan nie. En as jy na Tucson, Arizona toe kom, waar ek huidiglik tydelik bly . . . Soos ek julle vanmôre vir julle gesê het, ek is vol heimwee sonder 'n huis om na toe te gaan. Ek wens ek het iemand, een of ander plek gehad, wat ek 'n huis kon noem en gaan. As, vanaand, as ek tienduisend dollar gehad het en vir die plek kon gee . . . en dit vrylik vir iets gee wat ek kon sê: "Dit is die plek wat ek huis wil noem," sou ek dit vrylik gee. Ek het geen plek nie.

Broer Fleeman, ek net . . . jy het my geken sedert ek 'n seun was; ek—ek—ek's 'n swerwer. Moet nooit 'n swerwer word nie; kry een of ander plek wat jy liefhet en vestig; wag vir die Here Jesus.

14 Maar as jy na die weste toe wil kom, na Tucson, Arizona toe, waar ek bly, welkom; ek sou bly wees om jou daar te hê. Jy is my broer, suster. Ek sou enigiets in die wêreld doen om te help. En—en almal van julle wat daarnatoe gekom het, het ek die beste wat ek kon probeer om julle te verwelkom, en julle alles te wys wat ek ken, en julle rondgeneem, alles gedoen wat ek kon. En julle is altyd welkom.

15 Maar as julle onder hierdie voorwaardes kom, dink dat die Bruid of iets van Tucson, Arizona af gaan opgeneem word, en net van daar af, is julle verkeerd. Moet nie soontoe kom daarvoor nie, moet nie daarvoor kom nie, want dit is 'n fout. Dit is nie reg nie.

16 Nou, Openbaring die 12de hoofstuk . . . Maar net een ding wat die Here aan my openbaar of so met my praat . . . Ek kom

pas uit daardie visioene uit (julle sien?), en dis soort van moeilik om dit weg te hou. Sien? Maar dit lyk of Hy weer met my praat om weer meer van hierdie na die weste toe ganery te sê.

17 Nou, soos ek al vantevore gesê het, ek is nie daarbuite net om daar te wees nie, ek is daar omdat ek gelei is om daar te wees. Maar om daar te bly, dit my tuiste te maak, dink ek is verkeerd. Nee, ek dink dit sal nie meer as net 'n klein, kort rukkie wees, tot die doel waarvoor God my soontoe gestuur het, bereik sal wees nie. Ek kan julle nie hier sê waarom ek gaan nie, maar ek sou nie gaan net om te gaan nie.

18 Dit is nou die dag in 'n vraag gevra: "Ons weet waarom jy eerste Arizona toe gegaan het, dit was daardie Engele wat verskyn het. Waarom het jy die tweede keer teruggegaan?" Onthou julle daardie vraag wat gelees is?

19 Hoeveel onthou toe ek daarna teruggekom het en daar voor Dr. Lee Vayle (ek glo hy is iewers in die gebou) en my vrou gesit het? En ek het oor Arizona gepraat en oor ons wat hier bly, en daar het 'n hand op die muur gekom en lig en met letters geskryf: "Keer terug na Arizona." Hoeveel onthou dit? Dis waarom ek weer daar is. Sonder te weet waarom ek teruggegaan het, en toe ek daar gekom het, toe het Hy geopenbaar waarvoor ek moes teruggaan. En as ek dit vertel, dan sal Satan dit verhinder. Maar hy ken nie my hart nie. Hy is nie die Woord nie, so hy ken nie my hart nie. Maar as ek dit sê, dan hoor hy dit. So nou, onthou dit.

20 Nou, toe ek nou die dag gesê het, ek het dit soort van gemaak . . . soort van dalk mag julle die verkeerde indruk gekry het; ek het gesê: "Moenie Arizona toe kom nie." Sien? Ek het dit nie bedoel: "Moenie kom nie!" Wat ek bedoel het, was: As jy gelei voel om te kom, dan gaan jy voort en doen dit, as jy gelei word na Kalifornië, Arizona, waar jy ook al is. Maar as jy soontoe gaan, sê: "Broer Branham, ek gaan soontoe, want ek glo jy gaan daar bly en die Woord verkondig," dan glo ek is jy verkeerd daar. Sien? Waar my prediking is, is net hier by hierdie tabernakel; hier is die plek.

21 Ek het nie een diens in Arizona nie. En ek is nie in Arizona meer as net 'n paar ure op 'n keer nie. Ek het nie . . . Ek het 'n Sakemansbyeenkoms na Kersfees, die eerste van die jaar, by Phoenix. Dis al wat ek het; ek het dit belowe, niks anders nie.

22 My volgende diens, sover ek weet, is net hier by 8ste en Pennstraat by die Branham Tabernakel. Ek het dertig of veertig onderwerpe, wat ek weet 'n week of twee op 'n keer sal neem om daardeur te gaan, wat ek op my hart het om hier by die Branham Tabernakel te preek, net hier by Jeffersonville, Indiana.

23 En nou, as julle regtig iewers heen wil gaan om by die Woord te bly, waar ons Boodskap . . . En ons Boodskap is nie anders nie, dis dieselfde Boodskap wat julle deur julle hele lewe gehoor het, net iets meer Daarby geopenbaar. Hierdie Boodskap is dieselfde

Boodskap wat Luther gepreek het, dieselfde Boodskap wat Wesley gepreek het, dieselfde Boodskap wat Pinkster gepreek het, net iets Daarby gevoeg. Wat dit is, is die openbaring van die Seëls, wat daardie hervormers gelos het (sien?), wat bekend gemaak is in hierdie dag, kon nie toe bekend wees nie. Die Pinksterboodskap kon nie in die dae van Luther of Wesley bekend wees nie; dit moes wag tot die Pinkstereeu. Maar die Pinkstereeu is niks anders as net 'n verder gevorderde Lutherse eeu nie. Net soos mielies of enigiets anders ryp word, so het die kerk.

24 As ek vanaand gepreek het, sou ek preek oor die onderwerp, hier in die Bybel aangewys: *"Die Wynstok wat van Egipte na Palestina toe verskuif is."* Hoeveel van julle het ooit geweet dat God gesê het Israel is Sy wynstok? Dan verwys ek daarna terug na Jesus wat die Wynstok is. En die Kerk is nou na die wêreld toe verskuif, is nie neergesit in die stof nie, maar is neergesit in Christus, wat moet vrugte voortbring. Sien? En dit moes my boodskap vir vanaand wees, as ek moes preek. Maar ek het gedink ek beter liewer hierdie vrae kry, so ek het dit net uitgelaat. Ek sal dit miskien kry wanneer ek terugkom.

25 Openbaring hoofstuk 12, het nie betrekking op die Bruid nie. Openbaring hoofstuk 12 (Ek het dit nie nageslaan nie, maar ek weet dit), dit is die vrou wat in die son staan met die maan onder haar voete. Die maan stel die wet voor; die vrou stel Israel, die kerk, voor; en die twaalf sterre in haar voorkop was daardie twaalf apostels, twaalf kerkeeue, ensovoorts, wat pas verby is. Sien? En die son was by haar hoof. Wat julle sien, die maan is 'n skaduwee van die son, wat die wet 'n skaduwee was van goeie dinge wat sou kom. En daardie vrou is Israel, nie die Bruid nie.

Nou, ek sal nie te veel tyd bestee nie, want ek moet dit klaarkry.

378. Romeine 7:14—18: "Ons weet dat die wet geestelik is: maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek wil doen—nie: want wat ek wil, dit doen ek nie; maar wat ek haat, dit doen ek. As ek dan doen wat ek nie wil nie, ek (k-a-n-. . .) **tot—tot die wet, stem ek toe tot die wet, dat dit goed is. Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon." Dit kan ek nie verstaan nie.**

26 Wel, hulle het dit in die Skrif uitgeskryf; dis Paulus wat met die Romeine praat. Nou hy het gesê. . . Laat ek dit net soort van ophelder sodat julle kan sien. Hy het gesê: "Binne-in my is daar twee persone: reg, wil een hê moet ek doen; verkeerd, wil die ander hê moet ek doen. En elke keer wanneer ek begin reg doen, dan hinder die verkeerde my."

27 Hoeveel van julle mense op die onderhoude vanmiddag het daardie selfde ding gehad, en vanmôre (sien?), dieselfde ding? Ek het vanmôre daaroor gepraat, tydelik.

28 Jy is 'n uiterlike mens wat deur ses sintuie beheer word; jy is 'n innerlike mens wat deur een sintuig beheer word, wat geloof is. En hierdie geloof stem nie ooreen met al ses sintuie as die ses sintuie nie met geloof ooreenstem nie. Maar een is teenstrydig met die ander. Nou, solank as die ses sintuie met die geloof ooreenstem, wonderlik; maar wanneer die ses sintuie nie met geloof ooreenstem nie, los die ses sintuie dan uit.

29 Nou, byvoorbeeld hier het Jesus 'n bewering, 'n belofte, gemaak. Die innerlike man sê dis waar; die uiterlike man redeneer dat dit nie waar vir jou kan wees nie, ignoreer dan die uiterlike man en aanvaar die innerlike man. Nou, dis dieselfde ding waarvan Paulus praat. Hy is onder die wet verkoop tot vleeslike sonde. Elkeen van ons is dieselfde. Dis waarom ons is . . . die probleme het wat ons het, van vier of vyf keer getroud te wees, en *dit*, en *dat*, en die . . . allerhande soorte sonde, en egbreukerye, en wat nog saam in ons lewe, is as gevolg van daardie dinge. Ons is vleeslik, en daardie deel moet sterwe; maar dan, binnekant, is ons 'n gees-mens, siel binnekant, en dis geloof in God se Woord; dan bring ons ons buitekantste liggaam in ondergeskiktheid aan die Woord deur geloof, deur te aanvaar wat God gesê het.

30 Hoe kan ek 'n kankerroos vat en 'n koringkorrel daarvan maak? Dis onmoontlik vir my om dit te doen. Die enigste manier wat dit kan wees, is omdat die binnekant van daardie kankerroos oorgebring is van 'n kankerroos koring . . . 'n kankerroos tot 'n kiem wat "koringlewe" genoem word. Dan begrawe jy daardie kankerroos, en dit sal 'n koringkorrel voortbring (dis reg. Sien?), want daar is 'n lewe van koring in die kankerroos geplaas. En die lewe van die kankerroos is uitgehaal; maar die natuur van die kankerroos is nog klewerig (sien?), en dit sal wees tot hierdie nuwe lewe ten volle ontwikkel het uit die grond en weer opgekom het. Wanneer dit voortkom, dan is dit nie meer kankerroos nie, maar koring—maar koring. Maar terwyl dit hier op aarde is, en die . . . in die . . . uit die aarde . . . En 'n kankerroos, dis nog klewerig, maar dit het die natuur aan die binnekant van koring.

31 En solank jy in hierdie lewe is, gaan jy klewerig wees en 'n vleeslike natuur hê wat jou gaan pla so lank as wat jy lewe; maar aan jou binnekant, is jy wedergebore. En wanneer jy opgewek word, is jy in die beeld van Christus en al die sonde het van jou weggegaan. Sien? Dis—dis die ding.

32 Mag ek dit sê? Dit klink soos 'n grap. 'n Indiaan . . . Hulle is baie snaakse mense. En ek . . . Hulle is nie snaaks nie; hulle is eienaardig vir ons; maar vir hulleself lyk hulle reg. En as jy hulle leer ken, is hulle in die haak. 'n Indiaan is eenkeer gevra toe hy gered is . . .

33 Ek onthou een in Phoenix, Arizona. Billy het afgegaan om gebedskaarte uit te gee. En hy sou net daar staan en gebedskaarte

uitgee. En daardie mense wat kan, hardloop soontoe en gryp die gebedskaarte. . . Terwyl die—die gesonde mense regtig 'n hoofpyn, tandpyn, of iets met hulle toon verkeerd het, het hulle—het hulle die gebedskaarte gekry, Broer Ruddell. En wanneer—wanneer hulle het, dan in 'n gebedsry, die enigste ding wat ek gekry het, was iemand met 'n hoofpyn, iemand het iets verkeerd het met 'n toon, en so-iets. En daar was mense wat sterwende met kanker en dinge daar gesig het, wat nie die gebedsry gehaal het nie. Ek het gesê: "Billy, gaan soontoe en vra vir daardie mense wat verkeerd is met hulle. En as hulle nie kanker, of een of ander aaklige siekte het, of iets wat hulle gaan doodmaak nie, moenie vir hulle daardie gebedskaarte gee nie. Kry daardie mense daarbo in daardie gebedsry wat gaan. . . wat op die punt is om te sterf as die Here hulle nie help nie. Laat daardie ander net wag. Laat hulle in 'n vinnige ry kom, of iets. Maar laat daardie mense wat op die punt is om te sterf. . ." Ek het gesê: "Vra vir hulle."

Hy het gesê: "Wel, jy het gesê: 'Skommel net die kaarte en gee dit vir hulle.' Dis wat ek gedoen het."

Ek het gesê: "Maar jy kry dat daardie mense daar ophardloop voor hulle, en hulle kry. . . Daardie arme kreupeles en dinge kan dit nie kry nie."

"Goed, ek sal dit doen."

Hy gaan soontoe; daar was 'n ou Indiaan (en hulle is baie eienaardig), hy wou nie op 'n stoel sit nie. Hulle het vir hom 'n stoel gegee, maar hy het op die vloer in die tent gaan sit. Hy het 'n hoed opgehad; hy wou dit nie afhaal nie; het 'n veer wat agterin gesteek is, gehad, het net daar gesit.

Billy het opgestap na hom toe, en hy het verbygegaan, en hy het gesê: "Wil jy 'n gebedskaart hê?"

"Hmm."

Hy het gesê: "Wat is verkeerd met jou, Hoofman."

Hy het gesê: "Ek siek!"

Hy het gesê: "Maar wat is verkeerd met jou?"

Hy het gesê: "Ek siek!"

Hy het gesê: "Maar ek wil weet wat is verkeerd met jou!"

Hy het gesê: "Ek siek!"

34 Dis al wat hy uit hom kon uitkry, het gesê: "Goed, ek sal na 'n rukkie terug wees." So Billy gaan voort om mense te vra. Die ou Indiaan het gesien hoe daardie gebedskaarte al minder en minder word. Elke keer wanneer hy hulle uit sy sak haal, was hulle 'n klein bietjie minder. So na 'n ruk, het die ou Indiaan opgestaan, en oorgestap, en Billy op die rug getik om hom te herinner hy was ook hierbinne. Hy het gesê—hy het gesê: "Hoofman, wat is verkeerd met jou?"

Hy het gesê: "Ek siek!"

Hy het gesê: "Wel, Hoofman, jy moet vir my sê. Pappa het gesê om nie hierdie kaarte vir mense te gee wat sou. . . net soos maagpyn, en hoofpyne en dinge het nie. 'Gee dit vir mense wat baie siek is.'" Het gesê: "Hoe siek is jy, Hoofman?"

Hy het gesê: "Ek siek." Hy het weer gaan sit en voor hy. . . sy kaarte was regtig omtrent op. 'n Paar minute. . . Hy het heeltyd die kaarte dopgehou. Later het hy teruggekom en hom weer getik. Hy het sy hand uitgehou. Billy het die kaart op sy hand gesit, gesê: "Hoofman, gaan skryf daarop: 'Ek siek.'"

35 Hy het in die gebedsry gekom, en ek het vir hom gebid, en ek het gesê: "Glo jy, Hoofman?"

Hy het gesê: "Dit reg."

En ek het gesê: "Wel, glo jy dat God jou sal genees?"

Hy het gesê: "Dit reg."

Ek het gesê: "Jy sal 'n goeie seun wees?"

Hy het gesê: "Dit reg."

Ek het hom omtrent 'n week later teëgekom. Broer Fred Sothmann glo ek, was daar. Dit was toe hulle. . . en toe die tentdienste aan die gang was. Dit was Phoenix. En ek het hom 'n bietjie later in die week teëgekom; ek het gesê: "Gaan dit goed met jou, Hoofman?"

Hy het gesê: "Dit reg." Het uitgevind, ek het gepraat met. . . Wat is daardie sendeling se naam daarbo, daardie ou man met 'n wit snor, daarbo by die Apaches? Ek kan nie op sy naam kom nie. O, hy is 'n goeie ou kêrel. Sy vrou is van kanker genees, julle weet. Hy het gesê: "Broer Branham, dis al wat hy kan sê." Het gesê: "Ek het hom geleer om te sê: 'Ek siek.' Dis die enigste ding wat hy kon sê: 'Dit reg.'" So dis—dis omtrent al, julle sien. "Dit reg. Ek siek!"

36 Iemand het my vertel hy het, een, eenkeer tot bekering gekom, het die Heilige Gees ontvang, en hy het vir hom gesê: "Hoe gaan dit met jou?"

En hy het gesê: "Baie goed en baie sleg."

Hy het gesê: "Wel, wat bedoel jy met baie sleg en baie goed?"

Hy het gesê: "Wel, sedert my die Heilige Gees ontvang het," het hy gesê: "is daar twee honde in my, en een van hulle 'n swart hond en een van hulle 'n wit hond." En hy het gesê: "Hulle stry die heeltyd." Het gesê: "Hulle knor en baklei met mekaar." En het gesê: "Die wit hond wil hê ek moet goed doen; die swart hond wil hê ek moet verkeerd doen."

Het gesê: "Wel, Hoofman, watter een van hulle wen die geveg?"

37 Het gesê: "Dit hang af van watter een Hoofman die meeste kos gee." So ek dink dis 'n goeie antwoord hier. Sien? Daar hang dit net af van die geveg van die liggaam wat in jou is; dit hang daarvan af aan watter een jy voedsel verskaf, vir watter natuur jy verskaf, die vleeslike natuur na die dinge van die wêreld, of die geestelike natuur na die dinge van God. Dit beslis dit.

379. Kan elke seun van God so gesalf word dat hy wonderwerke, tekens, wonders kan doen, of is dit net . . . is dit net deur die leiding van die Heilige Gees?

38 Ja, dit is deur die leiding van die Heilige Gees. As jy 'n seun van God, of 'n dogter van God is, wat jy ook al is, wanneer jy die Heilige Gees ontvang het, dan lei die Heilige Gees jou om dinge te doen.

39 Ek het nie tyd nie. Ek wens net ek kon vir julle klein storietjies vertel. Elke keer wanneer ek daaraan dink, moet dit net verbygaan. Maar ek dink hierdie een sal net 'n oomblik wees.

40 Dit was onder in Meridian, Mississippi. Baie van julle Eenheidsmense, Broer Bigby het gehou . . . het my dienste geborg, hy is 'n Eenheidsbroer. En een aand in 'n diens, het Billy Paul na die arena gegaan en gebedskaarte uitgegee. O, dit het gegiet met reën. En die mense het buitekant gestaan met sambrele en dinge. En Billy het gebedskaarte uitgegee, en daar was 'n . . . En toe het hy my kom haal. En terwyl daar was . . . terwyl hy my kom haal het, was daar 'n dametjie wat voor gesit het, en daar was nog 'n dame wat met 'n baba gestap het, om dit te probeer stilhou. En hierdie dametjie wat daar gesit het met 'n katoenrok aan, wat dit ook al was, was ook 'n moeder. En sy het die dame gesien, en die Heilige Gees het met die vrou gepraat, iets op haar hart: "Gaan bid vir daardie baba."

41 "Wel," het sy gesê: "die volgende keer wat sy verbykom, sal ek vir haar gaan bid." En toe sy weer verbygaan, het die dame 'n gebedskaart vasgehou. "O," het sy gesê: "ek—ek kan nie vir daardie baba bid nie." Het gesê: "Broer Branham sal vanaand vir daardie baba bid. En wie is ek om vir die baba te bid as Broer Branham daarvoor gaan bid?" Nou, dit was eerbiedig, en dit was goed, maar dit kan nie altyd die wil van God wees nie. Soms is dit anders.

Die Heilige Gees het aanhou sê vir haar: "Gaan bid vir daardie baba."

Uiteindelik het sy gedink: "Daardie vrou sal my botweg weier. Met die wete dat sy daardie gebedskaart het, sou sy nie wou hê ek moet vir daardie baba bid nie. Sy het nie daardie baba hiernatoe gebring, sodat ek daarvoor kon bid nie, maar sodat Broer Branham daarvoor kon bid."

So het die Heilige Gees aanhou sê: "Gaan bid vir daardie baba."

Oplaas het sy gesê: "Wel, om myself te verlig sal ek net sê. . . Ek sal vir haar my sitplek gee." So sy het gesê: "Skat (een moedertjie wat met die ander een praat), sou jy—jy wil . . . ? Jy het daardie baba," gesê: "sou jy hier wou kom sit, my sitplek neem?"

Sy het gesê: "O, Skat, ek wil nie jou sitplek neem nie." Het gesê: "Ek probeer die baba stilhou."

Het gesê: "Maar jy lyk so moeg en uitgeput."

Sy het gesê: "Ek is."

Sy het gesê: "Wel, sit hier en neem my sitplek." En sy het gesê: "Ek sien jy het 'n gebedskaart. Dalk is jy . . . Broer Branham gaan vir jou baba bid?"

Sy het gesê: "Ons hoop hierdie nommer gaan geroep word."

En sy het gesê: "Wel, ek hoop ook so." Sy het gesê: "Suster, is jy 'n Christen?"

Het gesê: "O, ja!"

Sy het gesê: "Ek is ook 'n Christen." En het gesê: "Vandat ek hier kom sit het, het die Gees van die Here vir my gesê: 'Bid vir daardie baba.' Sou jy my jou toestemming gee? Ek weet Broer Branham sal vir daardie baba bid as dit uitgeroep word. En hou net jou kaart, hy sal daarby uitkom." Het gesê: "Maar as ek my hande op die baba lê, en net 'n gebedjie opstuur om myself beter te laat voel, en uitkom onder dit uit wat my roep, sou dit—sou dit jou aanstoot gee?"

42 Sy het gesê: "Wel, sekerlik nie, Skat. Bid vir die baba." En dit was 'n ou blou babatjie, en so die—die dametjie het daarvoor gebid. Sy het vir die dame haar sitplek gegee, en sy het opgeklim na die derde balkon toe en het gestaan. Een of ander Christenbroer daarbo, was heer genoeg om op te staan en hierdie dame 'n sitplek te gee, dus het sy gaan sit.

43 Ongeveer 'n halfuur later, het ek by die diens ingekom, het vir 'n paar minute gepraat, die gebedskaarte uitgeroep; en hierdie vrou was derde of vierde in die ry met daardie baba. En sy het daar gesit, en sy het gesê: "O, dankie, Here. Nou, ek het so jammer gevoel vir daardie moedertjie, ek glo die baba sal nou gesond word, want Broer Branham . . . Net die derde of vierde, sal hy by daardie een kom." Het gesê: "Dankie, Here," die moedertjie wat daarbo gesit het, gevoel het vir daardie baba. Goed.

44 Toe, ek toe vorentoe kom en vir die baba begin bid het, toe die dame vorentoe kom, sê, het ek na haar gekyk en gesê: "Nou, jou baba is 'n bloubaba. Jy het hom hiernatoe gebring om voor gebid te word. En nou, jou naam is Mev. *So-en-so*, en jy het van *So-en-so* 'n plek afgekom; maar die baba is alreeds genees. Daar was 'n vrou wat 'n las op haar hart gehad het, met die naam van Mev. *So-en-so*, wat hierbo op die balkon sit (eerste een op die end van die vierde ry, in die derde balkon), het die gebed van geloof

vir die baba gebid; en die baba is alreeds genees." Sy het amper van haar stoel afgeval. Sien?

45 Nou, wat as sy dit nie gedoen het nie? Sien wat ek bedoel? Nou, daardie vrou sou meer simpatie vir daardie baba gehad het, 'n moeder vir 'n baba, as wat ek sou vir die baba. Sien? En die moeder is . . . Sien?

46 "Kan ons almal wonderwerke doen?" Ja. Wanneer jy deur die Heilige Gees gerig word om wonderwerke te doen, gaan doen dit, want dis Heilige Gees-gerig.

47 Nou, as daardie vrou nie uitgevoer het wat God vir haar gesê het nie, sou daar dalk 'n teregwysing in die Gees aan haar gewees het (julle sien?), en sy sou aan God ongehoorsaam wees. Altyd, as jy 'n Christen is en iets oortuig jou om iets te doen, gaan doen dit. Gaan doen dit; moet dit nie betwyfel nie; gaan doen dit.

"Ek sou graag vraag wou vra. Is . . .?" Hier is nog een van hulle, óf ek het die verkeerde ingekry . . . Ja, ek . . . Dit was een vir vanoggend. "Vroue wat 'n pajamas dra, is dit mansklere?" Dit moes hier met die ander deurmekaar geraak het.

"Broer Branham, het God die ding gedoen . . . het God . . . het ek die ding gedoen wat plaasgevind het toe die band . . .?" O, ja, ons het dit vanmôre gehad. Ek moes party van hulle deurmekaar laat raak het. Ek behoort hulle op te skeur, maar ek hou nie daarvan om dit te doen nie.

380. Broer Branham, wie sal die aarde buitekant die Hemelse Stad bevolk?

381. Verduidelik oor elke persoon se engel wat van geboorte tot die dood by hulle bly. Baie goeie vraag.

48 Ek hou nie daarvan om hierdie oor te slaan nie; dit is goeie vrae. En ek wil hê my—my kinders moet hierdie dinge weet. Sien? "Nou, wie sal die aarde, buitekant die Stad, bevolk?" Buitekant, sal dit die verlostes wees wat die aarde, buitekant die Stad, sal bevolk, maar hulle sal nie die uitverkore en geroepe Bruid wees nie. Die Bruid sal binne-in die Koninkryk saam met die Koning leef. Aan die buitekant sal die konings van die aarde wees wat arbei en hulle geswoeg bring, bring hulle . . . nie geswoeg nie, maar hulle vrugte in die Stad inbring. En die deure sal nie snags gesluit word nie.

49 Nou, oor . . . Nou, hierdie Lig bo-op die berg sal nie die hele wêreld verlig nie, Dit sal net die Stad verlig. Maar Dit kan duisende myle dalk in die verte gesien word; maar Dit sal nie die aarde verlig nie, want die Bybel het gesê, in die Nuwe Wêreld, dat van een Sabbat tot die ander en van een—van een nuwe maan tot die ander (julle sien?) sal die mense voor die Here kom na Sion, na die Stad toe om te aanbid.

50 En nou, hulle sal buitekant die Stad wees, nie die Bruid nie, maar die mense wat in die tweede opstanding opstaan, wat

bewerkers van die grond is, net soos Adam was, ensovoorts, en opsigters van die tuin. Maar die Koning en Koningin sal in die Stad bly.

51 "Verduidelik oor elke persoon se engel wat van geboorte af by hulle bly." Nou, as julle sou oplet. . . Nou, dit is besonder diep. Nou, ek het nooit. . . ek het dit net opgetel. Nou, die. . . Deel daarvan is getik en die ander is met 'n potlood—of pen geskryf.

52 Nou, daar is 'n Engel, maar hierdie Engel van die Here wat 'n laer trek rondom dié wat hulle vrees. . . wat Hom vrees. Sien? Nou, dit is nie belowe dat sondaars Engele het nie, dis net die verlostes wat Engele het. Het julle dit geweet? Die Engele van die Here trek laer rondom dié wat Hom vrees.

53 Nou, Engele is boodskappers. Ek wil hê julle moet oplet dat Dit so perfek is, en dit sal voorbestemming vir julle bewys. Sien?

54 Nou, wanneer 'n babatjie onder die moeder se hart gevorm word. . . En julle kindertjies wat hierdie dinge verstaan, sien, die Here het jou vir mamma gegee. En sy het jou onder haar hart gedra, want jy is na aan haar hart. En toe het die Here eendag afgekom en jou van moeder se hart verlos, weg van haar hart af, maar jy sal altyd in haar hart wees.

55 Nou, terwyl hierdie liggaampie gevorm word, natuurlike liggaampie in die moeder gevorm word, is daar 'n geestelike liggaam van die aarde gereed om hierdie natuurlike liggaam te ontvang sodra dit gebore word. Nou, die baba word gebore met lewendige spiere, 'n hart wat klop, maar geen asem van lewe daarin nie. Sy spiere trek. . . Sien? Dan, sien, as daar iets anders daaraan was, as daar nie 'n gees was wat later daarin moes kom nie, dan kon ons asem ons verlaat, en ons sou nie meer asemhaal nie en steeds lewe. Maar wanneer hierdie liggaam nie suurstof ontvang van die. . . of asem (inasem en uitasem van ons longe) nie, dan is ons dood.

56 Nou, maar wanneer die moeder. . . Die babatjie val op die aarde van die moeder se hart. "Val," julle verstaan wat ek sê, watter manier ek. . . die rede waarom ek dit op hierdie manier sê. Wanneer die babatjie val, gebeur wat? Sodra dit voortkom, as dit nie begin huil nie, sal die dokter, vroedvrou, of wat ook al, dit 'n hou gee [Broer Branham klap sy hande—Red.], dit uitrek. Dit moet 'n skok kry, en wat gebeur?

57 Let op, 'n moeder, sy kan so gemeen en wreed wees, maar net voor daardie baba gebore word, is daar 'n sekere teerheid wat inkom. Het julle ooit 'n moeder raakgesien wanneer sy moet moeder word? Daar is iets liefdevol omtrent haar; sy neem altyd daardie liefdevolheid aan. Dis omdat daardie engeltjie, klein gesie, 'n boodskappertjie aan hierdie klein tabernakeltjie, gereed is om voort te kom in die wêreld. En dan, wanneer hierdie engeltjie in die liggaam inkom (dis 'n klein engeltjie van die aarde, 'n gees wat deur God verordineer was om hierdie liggaam

te neem), dan moet daardie baba 'n keuse hê. Hy maak sy besluit. Dan wanneer dit gebeur, dan, jy sien, kom die Engel van die Here nou hierin, wat die geestelike liggaam is, daardie Ewige.

58 Dit is 'n sterwende gees in 'n sterwende liggaam; maar nou, jy kan nie terselfdertyd in twee liggame wees nie, maar daar kan twee nature terselfdertyd in jou wees. Nou, die natuur van die Gees van die Here. . . Wanneer jy wedergebore word, word jy nie van die fisiese gebore, soos die baba word nie; maar wat gebeur het, is dat die geestelike geboorte na jou toe gekom het. En terwyl hierdie geestelike geboorte van God in jou hart groei, is daar 'n fisiese of 'n hemelse liggaam wat groei om daardie gees te ontvang. En wanneer die lewe hierdie liggaam verlaat, gaan dit na daardie liggaam. Net soos toe die liggaam aan die aarde gebied is, die gees ingekom het, en wanneer die gees uit die liggaam uitgaan, is daar 'n liggaam wat wag. "Want ons weet dat, wanneer hierdie aardse tentwoning afgebreek word, ons alreeds een het wat wag." Sien? Dis die ding, die geestelike liggaam van die mense.

Broer Branham. . .

Nou, dit moet wees 'n. . . Daar is 'n groep van hulle hier, lyk of dit ten minste tien of vyftien is. Dis alles op papier, dieselfde soort papier uitgeskryf, getik, ensovoorts. Ek sal probeer om so gou as moontlik by hulle uit te kom. Ons kan verdaag in. . . so gou ons kan.

382. Liewe broer, wou Jesus nie aanbidding aanvaar in Openbaring, deur Johannes, toe hy neergeval het om. . . Waarom wou Jesus nie aanbidding ontvang in Openbaring, deur Johannes, as Hy—as Hy aanbidding voor hom toegelaat het? Waarom wou Jesus nie aanbidding ontvang toe Johannes Hom wou aanbid nie?

59 My liewe broer of suster, wie dit ook al is, dit was nie Jesus wat nie aanbidding wou ontvang nie. In Openbaring 22:8, sal jy sien dit was die profeet, engel, wat nie aanbidding wou ontvang nie. Toe Johannes neergeval het om die engel te aanbid wat vir hom hierdie dinge gewys het, het hy gesê: "Sien dat jy dit nie doen nie, want ek is van jou mededienskneg te. Ek is een van die profete." Sien, sien? "Ek is jou medebroer, jou mededienaars, een van die profete; aanbid vir God." Dit was nie Jesus, wat dit nie wou aanvaar nie, dit was die profeet wat dit nie wou aanvaar nie.

383. Liewe Broer Branham, wat is die verskil toe Jesus op die dissipels geblaas en gesê het: "Ontvang die Heilige Gees," en toe hulle—toe hulle na die bo-kamer moes gaan om te wag?

60 Dit was 'n belofte wat Hy vir hulle gegee het, het Sy belofte oor hulle geblaas, het gesê: "Ontvang die Heilige Gees." Dit was 'n belofte. Hulle het na die bo-kamer gegaan om vir die belofte te wag om vervul te word.

61 Dieselfde ding is wanneer ons hande op jou lê om genees te word, dan gaan jy aan met jou sake en wag vir die belofte om vervul te word.

384. Broer Branham, het Jesus die fisiese masker verskeie kere verander met verskyning aan die dissipels na Sy opstanding?

62 "Het Hy Sy fisiese masker verander?" Ek—ek sou nie weet nie, want ek dink wat dit was, Hy het nie Sy masker daar verander nie. Die ding wat Hy gedoen het, Hy het hulle sig of herkenning van Hom weerhou.

63 Soos diegene wat van Emmaus gekom het, hulle het heeldag saam met Hom gewandel en dit is van hulle weerhou. En hulle het eenkeer 'n man op die oewer sien visvang, waar hulle visgevang het; Hy het gesê: "Kinders, het julle enigiets gekry?"

En hulle het gesê: "Ons het niks gekry nie, het heelnag geswoeg."

Hy het gesê: "Gooi aan die anderkant in." En hy het 'n hele klomp vis gekry, en toe het hulle geweet dit was die Here. Ek dink dit was nie Sy masker wat verander is nie, ek dink dit was net die manne se oë wat weerhou is.

385. Broer Branham, wat is die verskil, indien—indien enige, tussen die Engel van die Here en die Here, Self?

64 Die engel van die Here is 'n boodskapper van die Here, en die Here Self is daardie Persoon, nie die persoon van die engel nie, die engel van die Here. Laat ek julle wys. Aardsgesproke, hier is 'n engel van die Here. Aardsgesproke, hier is 'n engel van die Here. Aardsgesproke, hier's die engel van die Here. Hoe weet ons dan dat hulle engele van die Here is? Wanneer hulle die Woord van die Here bring. Maar wanneer hulle Dit probeer verdraai, dan is dit nie van die Here nie, sien, sien, Dit iets probeer maak wat Dit nie sê nie. Net sê wat ook al . . .

65 Dan is daar 'n bonatuurlike Engel wat afkom van die Here, 'n Boodskapper soos Gabriël, en—en Migael, Alsem, ensovoorts, hulle name.

386. Broer Branham, wat skyn verkeerd te wees in die dag waarin ons lewe, om 'n gelowige te wees en die Boodskap en boodskapper van vandag te volg, dat jy blykbaar nie kan bid soos jy sou wou nie? Dis 'n goeie vraag.

66 Ek glo broer, suster, wie dit ook al gevra het, dis 'n oorsaak van die toestande van die tyd. Die herlewing is verby. Die herlewing het sowat vyftien jaar geduur, en het nooit vantevore langer as omtrent drie jaar geduur nie. Ek glo dit het sy laaste herlewing ontvang. En ek glo dis waarom jy nie in die Gees kan bid of voel soos vroeër nie. Dis omdat die herlewingsvure uitgegaan het.

387. Broer Branham, verduidelik asseblief hoe 'n persoon weet of hy sy eie gedagtes dink, òf of die duiwel gedagtes in sy kop sit om hom verkeerd te laat dink, veral, as jy weet jy wil dit nie dink nie.

67 Dan, as dit teenstrydig is met die Woord, is dit die duiwel se denke. As dit met die Woord is, is dit God se denke. As dit die verkeerde gedagtes is, is dit die duiwel. As dit goeie gedagtes is van die Woord en van God, is dit God se denke.

388. As die geval mag wees dat die duiwel gedagtes in jou kop sit omtrent 'n sekere ding, hoe kan dit oorkom word of ontslae van geraak word?

68 Neem die einste teenoorgestelde daarvan. As die duiwel jou laat dink dat—dat—dat jy is . . . As jy weet jy is 'n Christen, en hy probeer jou laat dink jy is nie 'n Christen nie, neem net die teenoorgestelde, sê: "Ek is 'n Christen." Solank jou ondervinding met God se Woord ooreenstem, sê: "Ek is 'n Christen." Enigiets anders, dieselfde manier.

Wanneer jy dit antwoord, bid asseblief vir my om dit te oorkom, want ek is nie by myself nie.

69 God gee dat jy dit oorkom, wie jy ook al is. Mag jou gedagtes net reguit teruggaan na die anderkant en sê: "Ek is 'n Christen; ek is 'n gelowige. Satan, jy het geen houvas op my nie."

70 Reguit gesê, ek staan nou net hier en sê dieselfde ding, weerhou myself daarvan om flou te word net hier in die preekstoel. Dis reg. Vier of vyf keer al, het ek amper vooroor geval op die preekstoel. Dis die waarheid. God weet dis so.

389. Wanneer 'n persoon besef hy het 'n minderwaardigheidskompleks, of een of ander soort kompleks, hoe kan hy dit oorkom? So, sou dit kon wees oor hy die enigste kind was, wat dit in sy vroeë jeug veroorsaak het?

71 Neem presies die teenoorgestelde. As jy altyd jou sin wil hê, en daardie een klein bedorwe brokkie is, wat altyd in alles jou sin wil hê, draai reguit om en gee alles wat jy het andersom. As jy selfsugtig is en jy wil alles hou, begin dan alles weggee wat jy het. Sien? Doen wat ook al . . . Gaan net die teenoorgestelde pad. Dis die manier om enigiets te oorkom, is 'n teenmiddel.

72 Jy het . . . My ou, suidelike moeder het altyd gesê: "Hare van die hond se rug af is goed vir die byt." En dit is ook hierop van toepassing.

390. Broer Branham, watter prestasie **moet ons ons voortiener ouderdom kinders aan laat deelneem?** (Verskoon my, dit is . . .) **Watter aktiwiteite moet ons voortiener kinders verwag, aan deelneem. Ook, hoe moet ons te werk gaan om hulle te help om hulle maats uit te soek?**

73 Hou hulle in Christelike geselskap so lank as jy moontlik kan. Hou hulle met. . . As dit 'n dogter is, hou haar by Christelike meisies; Christelike seuns, andersom. As sy oud genoeg is om saam met 'n seun uit te gaan, sien toe dat sy by die regte soort van seun hou. Ontmoedig haar na enige ander seun, of seun na 'n meisie. As sy met 'n ongelowige uitgaan, probeer om haar aan te moedig om met 'n gelowige uit te gaan, en andersom. Maak jou huis aangenaam. Maak jou huis 'n plek waar jou dogter of seun nie skaam sal wees om hulle besoekers voor hulle pa en ma te bring nie, en in hulle huis nie; en maak die huis so gelukkig dat hulle sal ingenome wees met hulle huis om daar te bly.

Oooo, goeiste, hier is sewe in 'n ry. Ek sal nie langer as net nog 'n paar minute gaan nie.

391. Broer Branham, het jy onlangs verklarings gemaak aangaande dat kerkeeu geëindig het, Laodicéa?

74 Nee, ek het nooit gesê dit het geëindig nie. As ek het, het jy misverstaan, of ek het dit verkeerd gesê. Dit is. . . Hierdie is die laaste kerkeeu; dis die einde van kerkeeue, die Laodicéa. Dit het nie geëindig nie; wanneer dit eindig, is die Kerk weg. So solank as die Kerk hier is, het dit nie geëindig nie. Sien?

392. Die kerkeeu eindig en het verduister, die Bruid is geroep, ons het reeds in die verdrukkingsperiode ingegaan?

75 Nee, nee, nee, jy is. . . Ek wens ek kon net meer tyd daarvoor gehad het. Sien, sien? Die Bruid, wanneer Sy van die kerk geneem word, dan sal die kerkeeu ophou. Laodicéa gaan oor in chaos; die Bruid gaan na die Heerlikheid; en die verdrukkingsperiode tree in vir die slapende maagde vir drie-en-'n-half jaar terwyl Israel haar profesie kry; dan tree die verdrukking vir Israel in; en dan kom die stryd van Armageddon wat alle dinge vernietig. En dan, keer die Bruid terug saam met die Bruidegom vir 'n duisend jaar, die Millennium regeringstyd; daarna kom die Wit Troon Oordeel; daarna kom die Nuwe Hemele en Nuwe Aarde en die Nuwe Stad wat neerdaal van God uit die Hemel. Ewigheid en tyd vloei inmekaar.

393. Die Heilige Gees het vir jou gesê dat die Basuine niks met die Bruid te doen het nie. Het die Sewe Skale ooit enigiets met ons te doen?

76 Ek sal wag en sien of die Heilige Gees dit op daardie manier openbaar. Ek weet nog nie.

394. Sal die profeet van Maleági 4 die een wees om die Heidense oorblyfsel van Openbaring 7:9 uit te roep, selfs al gaan hulle deur die verdrukkingsperiode?

77 Nee, nee! Na die—die Openbaring 7, is waar hy die honderd vier-en-veertigduisend verseël gesien het, en daarna het hy daardie groot getal sien opkom, terugkom, wat geen mens kon tel nie, wat die Bruid was. Dit sal hê. . . Die. . . Maleági 4 sal verby

wees en die Bruid opgeneem, en die . . . dan sal die . . . hierdie groep van—van Elía en Elisa terugkeer na die aarde toe vir . . . Die kerk om deur die verdrukkingsperiode te gaan, maar Elía en Elisa sal niks te doen hê met die slapende maagde nie (hulle is Heidene); hulle sal net na die Jode toe gestuur word.

395. Is die Sewe Donderslae wat gelyk is aan die sewe verborgenhede reeds geopenbaar? Is hulle in die Sewe Seëls geopenbaar, maar is nog—maar is nog nie aan ons bekend as die Donderslae nie?

78 Nee, hulle is in die Sewe Seëls geopenbaar; dis waaroor die Donderslae gaan. Hulle moes openbaar . . . Die Sewe Donderslae wat hulle stemme laat hoor het en niemand kon uitmaak wat dit was nie . . . Johannes het geweet wat dit was, maar hy is verbied om dit te skryf. Hy het gesê: "Maar die sewende engel, in die dae wanneer hy sal blaas, sou die sewe verborgenhede van die Sewe Donderslae geopenbaar word." En die sewende engel is 'n boodskapper van die Sewende Kerkeeu. Sien?

396. Glo jy dat die klein lewende Bruid soms iewers sal versamel en alle dinge in gemeen hê, soos die eerste Bruid gehad het, dalk net voor die koms van die Here Jesus in die wolke?

79 Nou, hulle het my gevra of ek dit glo. Ek kan dit nie met die Skrifte bewys nie, maar dalk sal daar 'n tyd kom, dalk, ek weet nie. Daar kon net wees . . . Sien julle? As dit sou, sou dit aanduiding van Sy nadere koms gee, wat so . . . Hy het gesê: "Maar Hy kom soos 'n dief in die nag." Sien? Hy kom na . . . Soos daardie boek wat ek gelees het oor Juliet . . . *Romeo en Juliet*, Hy kom en—en neem Sy Bruid in die nag weg. Sy word in 'n oomblik weggeraap, in 'n oogwink. Sien?

80 En dis baie onwaarskynlik dat dit so sal wees, want die Bybel het gesê: "Daar sal twee in 'n bed wees; Ek sal een neem en die ander een agterlaat; en twee in 'n veld, en Ek sal een neem en een agterlaat." Sien? So hulle moontlik . . . Oor die wêreld heen, sal hulle nie in een plek versamel om dinge in gemeen te hê nie. Maar klein groepies van hulle sal oor die hele wêreld heen verstrooi wees.

81 Ek glo, dalk as die Here toelaat, dit is 'n klein groepie Daarvan. Dalk nog 'n klein groepie in Asië, een onder in Duitsland, een onder iewers anders. Toe ek nou die aand 'n visioen van die Bruid gesien het, was Hulle uit die internasionale saamgestel. Sien? So die Bruid sal nie uit een plek bymekaargemaak word nie, Dit sal van oor die hele wêreld bymekaargemaak word. En dit bevestig die Woord presies, en die Woord was nog nooit verkeerd nie. En tot op hede, was die visioen ook nog nooit verkeerd nie, want dit was volgens die Woord.

397. Sal enigiemand wat 'n ware en werklike doping van die Heilige Gees in hierdie uur het, nie in die Wegraping van die Bruid wees nie? Sal jy verduidelik? Sê vir ons wat ons

op enige manier vir jou kan doen om die las te help verlig. Nou, is dit nie gaaf nie? Sien?

82 Nee, daar is niks wat julle nou dadelik kan doen nie.

83 Ja, werklike gelowiges wat in die Heilige Gees gedoop is, sal in die Bruid wees. Natuurlik, hulle is uitgesoek en uitgeroep. Die slapende maagde het nie enige olie gehad nie. Diegene wat olie gehad het, het ingegaan, maar die . . .

84 "Wat kan ons doen om die las te help verlig?" Ja, broer, suster, wie dit ook al geskryf het, bid vir my; dis die beste ding om te doen. Dankie. Ek het nie geld nodig nie. Ek . . . Daar kom genoeg daarvan in om my te versorg. Dank die Here daarvoor. Ek het nie klere nodig nie. Meeste van die tyd gee die mense vir my die klere wat ek dra. En my vriende en dinge gee vir my klere. En hulle . . . Ek kry genoeg geld om my gesin mee te voed; dis al wat ons nodig het. Dit lyk . . . En julle kan egter vir my bid, want ek het beslis geestelike hulp nodig.

398. Dit lyk onder die predikers van die Woord, dat ons min of geen las het om te bid, te preek, te vas, of vir verlore siele wat nogsteeds daarbuite iewers in die wêreld mag wees nie. Sou jy ons asseblief sê wat om aan hierdie toestand te doen? Baie dankie, Broer Branham, hiervoor. Dit moet 'n prediker wees. Hy het nie enige naam by hierdie woorde geteken nie.

85 Broer . . . Ek moes hulle antwoord toe ek moeg was, uitgeput, en soort van, julle weet, het nie te goed gevoel nie, so ek—ek vertrou dat dit die vrae beantwoord. Ek—ek sê vir julle baie dankie en ek—ek het dit vergeet wat ek hom sou antwoord.

86 Predikers, 'n bedienaar, waarom ons hierdie las het . . . nie die laste het vir verlore siele nie. Ek glo dat dit—dit 'n gebrek aan die herlewing is. Ek glo ons moet steeds probeer om tot God te bid om vir ons geesdrif te gee vir verlore siele, tot Jesus kom.

399. Broer Branham, glo jy dat elkeen wat die Heilige Gees het, in tale praat? (Nee.) **Ek weet jy sê dat praat in tale—praat in tale nie vir die bewys van die Heilige Gees is nie. Ek sou . . . Een Korinthiërs 12:30, verduidelik asseblief.** Sou julle Een Korinthiërs 12:30 kry? Ek dink: "Praat almal in tale?" of sovoorts; ek is nie seker nie. Ek sal probeer om nog een te kry terwyl hulle dit antwoord.

400. Broer Branham, sal jy Job 14:21 verduidelik?

87 Ja. Job 14 is: "As 'n mens sterf, sal hy weer lewe?" O, as 'n mens sterf . . . Job, wat praat van die opstanding. Ek dink ek het dit nou die oggend gehad, is dit nie? Of was dit daar by Charlie se huis? Mev. Cox was daar iewers. Job, hy het die blomme gesien, hoe hulle doodgaan en weer lewe, maar hy het in die aarde ingegaan en kon nie weer terugkom nie. En toe is dit aan hom verduidelik dat iets gesondig het. Hy wou 'n middelaar tussen hom en God hê, en toe het hy die koms van die Here gesien.

88 Wat is dit, broer? [Broer Branham het 'n gesprek met 'n broer—Red.] Ek dink dit was Een Korinthiërs 12:30. Ja!

"Praat almal in tale?" Dis wat ek gedink het dit was, maar ek was nie seker nie, so moeg soos hierdie, maar . . . Nee! Almal praat nie in tale nie; almal lê nie uit nie; almal sê dit nie. En dan net die volgende hoofstuk: "Al sou ek die tale en mense en engele spreek en het nie die liefde nie, is ek niks." Sien? Paulus vertel, met ander woorde, vir hulle: "Praat almal in tale? Sekerlik, hulle doen dit nie. Profeteer almal? Nee. Maar begeer ernstig die beste gawes; en tog wys ek vir julle 'n uitnemender weg." Sien? Almal praat nie in tale nie.

Gaan jy nog 'n onderskeidingsdiens hê voor jy weggaan? Indien nie, is dit moontlik om 'n persoonlike onderhoud te kry?

Ek vertrou dat jy het. Nou, ek het nie meer te veel meer nie. Laat ek net probeer om hulle te kry as ek moontlik kan.

401. Onthou dat ek jou hoor vertel het dat jy 'n jammerlike gesig gesien het van 'n engel . . . van 'n arend wat sy vlerke in 'n kou klap, wat spartel om vry te kom. Ek het 'n kosbare moeder in daardie posisie. Sy word nie toegelaat om haar drie getroude kinders huis toe te laat kom vir drie jaar nie, want hulle wil nie aan hulle pa se doktrine onderdanig wees nie. Hy is 'n denominasionele prediker. Moeder wil hierdie endtyd Boodskap hoor, en ek kan nie eens 'n brief na haar toe deurkry nie. Tot watter mate moet sy onderdanig wees? Is daar enigiets wat ek kan doen behalwe bid?

89 Dit sou die enigste ding wees wat ek van weet. Haar man, wat 'n prediker is, wil haar nie die Woord laat hoor nie. Sy wil Dit hoor, maar hy wil haar nie toelaat om Dit te hoor nie, en bid maar net vir haar. Ek glo die vrou is—is gered, natuurlik.

402. Broer Branham, is dit moontlik vir 'n persoon om verlore te gaan en in die hel te eindig as hy die Lig van die Woord verwerp, selfs al het hy 'n ware ondervinding van regverdigmaking en heiligmaking?

90 Ja, meneer! Dit is presies reg.

403. Wanneer jy die uitdrukking gebruik dat as ons nie die Woord glo nie, ons vir ewig sal geskei wees van Christus, bedoel jy die dwase maagde sal vir ewig lewe, maar hulle sal van die Nuwe Jerusalem geskei wees waar Christus met die Bruid sal bly? Hier is diegene wat nie die Heilige Gees het, wedergebore is soos die Skrif van wedergebore word, praat nie. As die natuurlike geboorte water, bloed, en gees vereis, vereis die geestelike geboorte nie al drie stadiums van genade voor die persoon werklik wedergebore is nie?

91 Absoluut, ek het dit net vanmôre verduidelik, dieselfde, oor dieselfde ding. Jy moet al die stadiums hê. Jy is deur die Gees

verwek, net soos 'n baba verwek word, en in die baarmoeder van 'n moeder, maar nie gebore tot hulle die Heilige Gees ontvang nie. Dis reg. Jy word dan gebore. Jy is nie bekeer nie, jy is in die proses van bekeer te word tot daardie tyd.

92 Dis die rede waarom al hierdie groot verborgenhede nie aan Luther gegee kon word nie, nie aan Wesley gegee kon word nie, nie aan die eeu wat ons nou net verbygegaan het, die Pinkstereeu, gegee kon word nie. Waarom? Dit was nie die tyd nie. Hulle was verwek. Nou, die Persoon van Christus, Self, die Seun van die mens (verstaan julle?) wat Homself in menslike vlees openbaar, dit kon nie kom tot nou nie.

404. Wanneer die Millennium begin, hoe sal die ongelowiges van die aarde af weggeneem word?

93 Die ongelowiges sal afgaan in die verdrukkingsperiode saam met die slapende maagd, en al daardie ander (ongelowiges, en slapende maagd), en die oorblyfsel van Israel wat moet uitgeneem word.

405. Broer Branham, wanneer sommige van . . . iemand op my werk of "op my tone trap (Dit mag 'n goeie een wees.)**—op my tone trap," soos die ou gesegde is, vlam my humeur op; hoe kan ek hierdie ding oorkom? Ek weet die Here sal dit moet doen, maar wat kan ek in my hart doen? Ek wil nie hierdie ding hê nie.**

94 Versag jou humeur met gebed, kom dan tot 'n besluit. Daar . . . Ek dink nie daar is veel mense in hierdie gebou wat ooit enigsins meer humeur gehad het as ek, om mee te begin nie. O, ek—ek het heeltyd 'n stukkend geslaande mond gehad. En ek—ek—ek het 'n klomp van my maaltye deur 'n strooitjie gehad.

95 My ma, soos julle weet, was 'n half-Indiaan, en my pa was 'n Ier, 'n Kentucky Ier daarby. En elkeen van . . . Albei van hulle het genoeg humeur gehad om met 'n kettingsaag te kompeteer. En my mond was heeltyd stukkend geslaan; ek was klein om mee te begin. En hulle sou my net optel en my platslaan. En ek sou weer opstaan; en hulle sou my weer platslaan tot ek net te in staat was . . . nie in staat was om weer op te staan nie. Dit was altyd. En dan wanneer ek in staat was om op te staan, het ek weer opgestaan; hulle het my weer platgeslaan. So dis net hoe ek dit gehad het.

96 Ek het gedink: "Ek kan nooit 'n Christen wees nie." Maar toe die Heilige Gees in my lewe gekom het, dit het dit reggekry. Nie meer . . .

97 Ek het 'n vrou eenkeer gehad; ek moes gaan om die ligte af te sny. En daardie dae het ek nog hare bo-op my kop gehad. Sy het gesê: "Jou klein kroes-kop idioot!"

Ek het vir haar gesê, ek het gesê: "Vrou, jy behoort nie so te vloek nie. O, vrees jy God nie?"

Sy het gesê: "Jou klein kroes-kop idioot, as ek iemand wou gehad het om met my oor sulke dinge te praat, sou ek nie 'n onnosel soos jy kry nie."

"Whoo!" Toe het sy my 'n *vloekwoord, vloekwoord* naam genoem. O goeiste, as dit 'n jaar vroeër was! Ek het altyd gesê: "'n Man wat 'n vrou sou slaan, was nie mans genoeg om 'n man te slaan nie," maar ek—ek mag dit daardie tyd verbreek het, om my moeder so 'n slegte naam te noem. Maar weet julle wat? Dit het my nooit eens van stryk gebring nie. Ek het gesê: "Ek sal vir jou bid." Het nooit eens gehinder . . . Ek het toe net geweet iets het met my gebeur. Ja, meneer! O, goeiste!

98 Weet julle die booshede wat ek gedoen het toe ek 'n kind was, bakleiery! Het eenkeer vyf mans byna doodgemaak. Het 'n geweer gevat met sestien skote gelaai, en toe daardie seuns my slaan omdat ek 'n Kentuckiër was, geen ander rede nie . . . Ek kon nie eens my kop regop hou nie. Een sou my so aan die hande vashou, en die ander een sou daar staan met 'n klip in sy hand en my in die gesig moker, tot ek net leweloos was. Niks in die wêreld . . .

99 Hulle het my 'n "Kentucky squab" genoem, want my ma het, toe sy jonk was, het sy regtig baie soos 'n Indiaan gelyk (na haar foto gekyk 'n tyd gelede), en hulle het geweet sy was 'n half-Indiaan. En omdat ek Kentucky was en sy 'n "squaw" was, het hulle my 'n "squab, 'n Kentucky squab" genoem. En ek het niks in die wêreld daarmee te doen gehad nie; ek kon nie help dat ek in Kentucky gebore is nie.

100 Ek het daar skoolgegaan, en ek het geen klere gehad om aan te trek nie, en my hare het agter my nek afgehang. En Pa . . . Ma het Pa se ou baadjie gevat waarin hy getroud is en dit opgesny en vir my 'n broek gemaak om my eerste keer skool toe aan te trek. En ek . . . En sy het my aangetrek met 'n paar wit kouse aan en 'n paar tennisskoene. En hulle het gesê: "Of jy nou nie soos 'n 'windmaker' Kentuckiër lyk nie." En—en al . . . en daardie . . . en toe, dit het my hele—my hele skooldae aangegaan.

101 En 'n paar seuns, omdat ek langs die pad saam met een of ander meisietjie geloop het en haar boeke gedra het . . . Hulle wou nie hê ek moes dit doen nie, en hulle het my daaronder ontmoet en my geslaan tot ek eenvoudig bewusteloos was. Ek het hulle gesê, as hulle my net sou laat gaan, belowe ek dat ek net reguit huis toe sal gaan. En toe het hulle geneem . . . my laat gaan, my vier of vyf keer geskop, my platgeslaan, en my gesig oraloor geskraap. En ek het so opgegaan, so, deur die besembosveld.

102 Ek het 'n klein .22 Winchester geweer gehad wat bokant die deur gelê het. Het uitgereik en daardie geweer vol patrone gekry, het reguit afgegaan deur die sprinkaanruigte, en langs die pad weggekruip tot hierdie vyf of ses seuns daarlangs kom. Het net gewag tot hulle kom, en toe hulle daar gekom het, gepraat, gesê:

"Daardie Kentuckiër sal besef waar hy van nou af aan is," het so aangegaan.

103 Ek het opgestap met die hamer op die geweer teruggetrek. Ek het gesê: "Nou, watter een van julle wil eerste sterf, sodat jy nie na die ander hoef te kyk nie?" Hulle het begin skree; ek het gesê: "Moenie skree nie, want julle gaan almal een vir een sterf." En ek het dit bedoel! En net toe het hulle begin skree. En ek het opgetrek en klap! Die geweer het geklap. Ek het nog 'n patroon ingegooi. Klap, dit het geklap; nog 'n patroon, klap, dit het geklap. En ek het sestien patrone op die grond gepomp. Elkeen van hulle het geklap. En daardie seuns wat hardloop, en skreeu, en oor die heuwel duik, en alles.

104 En nadat hulle weg is, het ek daar gestaan. Wanneer ek so kwaad word, dat ek—ek—ek nie sou huil nie, ek sou lag soos 'n idioot en trane uit my oë loop. Nou, dis 'n humeur. As dit nie vir God was nie, sou ek 'n moordenaar gewees het.

105 En ek het daardie patrone opgetel en hulle in die geweer teruggesit, en: "Woeps, woeps"; hulle skiet net so goed as ooit. Praat van genade!

406. Waar is die dwase maagde gedurende die Millennium?

106 In die Millennium is hulle in die graf. "Die res van die dode het nie vir 'n duisend jaar gelewe nie."

407. Sal daar wees, of is daar nou 'n plek vir die Bruid om bymekaar te kom om te lewe, soos toe Moses die kinders van Israel gelei het?

107 Ek gaan daardie vraag vir julle beantwoord; dit is so pas aan my geopenbaar. Ek gaan vir julle die waarheid vertel. Ja, meneer! Daar is 'n plek vir die hele Bruid om bymekaar te kom. Wil julle weet waar dit is? In Christus. Korrek. Kom net daarin bymekaar; ons is almal saam.

408. Waarom is dit dat ons so 'n groot geskilpunt maak van vroue se aantrek (O, o, ek kry dit op hierdie een, of hoe?)**—groot geskilpunt van vroue se aantrek en sny van hare, en doen . . . daar word niks gesê oor die hare van die mans of die manier waarop hy aantrek nie?**

108 Wel, suster, ek gaan met jou oor een ding saamstem. Eerste plek, die Bybel het gesê dat 'n man nie lang hare behoort te hê nie. En as hy lang hare gehad het, sou ek hom sê, net dieselfde as wat ek vir jou sê. Hy is verkeerd. Maar meeste mans, baie van hulle is soos ek, het glad nie enige nie. Maar meeste mans sny hulle hare, lyk soos mans. En nou, as hulle dit nie doen nie, sal hulle gesê word om nie so te maak, om hulle hare te laat uitgroei soos 'n vrou se hare nie. Jy sal alles hiervan in die huwelik en egskeiding geloftes en dinge kry, wanneer ons daaroor preek. Die groot geskilpunt soos van 'n man se . . . of vrou se aantrek . . .

109 Nou, 'n man, in die eerste plek, 'n man se liggaam is nie 'n versoeking soos 'n vrou nie. Nou, die man, sy groot, ou, harige bene, met knopknieë, boeppens, en alles, hy lyk soos 'n afskuwelike gemors; en daar is niks aan hom vir versoeking nie. En ek dink hy lyk na die "smerigste" gesig om hierdie manne met die pad te sien afkom, jonk en oud, met een van hierdie bikini's aan, wat dit ook al is, julle weet, stap met die pad af. Ek dink dis die vuilte gesig waarna ek ooit gekyk het. Dis reg. Ek dink hy—hy weet nie aan watter kant van die ras hy behoort nie (sien? Dis reg!), 'n man wat so-iets sou doen.

110 En weet julle wat? Ek het net 'n paar maande gelede gehoor, die Amerikaanse Leër gaan so aantrek. Ja! Die Leër kom volgende jaar, of die jaar daarna, almal in kortbroek uit. Hoe 'n groot klomp sissies kan ons kry?

111 God het die man gemaak om soos 'n man te lyk, en soos 'n man op te tree, en soos 'n man aan te trek. Hy het 'n vrou gemaak om dieselfde te doen, soos 'n vrou aan te trek, soos 'n vrou op te tree, en soos 'n vrou te wees. Omtrent vanmôre, omtrent . . . Die vraag het opgekom oor mans . . . [Kant een van band eindig onvolledig en tweede kant begin onvolledig—Red.] . . . As hy wil . . .

112 As 'n vrou baie dun hare het, en sy wil een van hierdie "rotte" dra of wat jy dit ook al noem, ek dink dis . . . My vrou dra dit. Dis 'n . . . Sy sê haar hare is dun, en sy het een of ander soort ding omtrent so groot in die rondte om, lyk soos 'n yslike groot, oor-groot koekie. En sy vou haar hare daar rondom en steek die haarnaalde daarin. En nou, die . . . Sover dit my aangaan, dit—dit hinder niks nie, solank jou hare net lank is.

113 'n Prediker het gesê sy vrou is—is veroordeel, want sy het 'n —'n tint in haar hare. En ek het uitgevind uit 'n vraag, dit beteken 'n verf of 'n kleursel in haar hare. Ek kan nie sê dis verkeerd nie; ek het niks daaromtrent nie. As sy lang hare het, dis al wat ek daaromtrent kan sê.

114 En nou, 'n man . . . Hierdie persoon het vanmôre gesê hulle haal hulle hare af, sit dit weer terug. Nou, dit het ook soort van hier gekom, omtrent 'n haarsny. Sien?

115 Nou, as—as 'n man nie hare het nie, en sy vrou . . . Ek het al vroue hoor sê: "Wel, as ek net vir John kon kry . . . ek dink hy sou beter lyk as hy—as hy 'n haarstuk dra. Wat dink jy daarvan, Broer Branham? Is dit verkeerd as hy dit doen?" Nee, meneer! Nee, inderdaad, dit is nie verkeerd nie, glad nie. As hy dit wil dra, dis goed, niks anders as om valstande te hê of wat ook al aankom nie.

116 Terloops, ek het self drie valstande. Ek wens ek het hulle nie gehad nie. Hulle is op 'n draad; dit verkort gedurig my stem, en sny my tong, en alles anders, maar ek moet hulle hê om te eet. En as ek . . . Wanneer ek oorsee op daardie buite dienste is, dra ek 'n

haarstuk; nie oor hoe dit lyk nie, want julle weet ek sou net hier staan al het ek nie ’n haar op my kop nie of wat dit ook al was. Sou my geensins anders maak nie; ek is hier om Jesus Christus te verteenwoordig. Maar wanneer ek daarbuite staan, omtrent die eerste aand in een van daardie tropiese storms, die volgende aand is my keel so seer dat ek nie daarbuite kan kom nie.

117 So dan, as—as dit iets was wat ek wou doen, en het gevoel om dit te doen, sou ek dit doen. Ja, meneer! Daar is nie ’n ding wat sê om dit nie te doen nie. Nie ’n ding sê, suster, dat jy nie ’n rot, of ’n vals haarlok, of so-iets kan dra in jou. . . Dis heeltemal in orde, maar laat jou hare lank bly. En mans, sny julle s’n af. Wat jy het, hou dit gesny. Sien? Dit handel dit dan af.

118 En vrou, trek jou soos ’n vrou aan. En man, trek jou soos ’n man aan; moenie ’n sissie probeer wees en vroueklere aantrek nie. En vroue, moenie probeer om manlik te wees en ’n man se klere te dra nie, want God wil nie hê jy moet dit doen nie; die Bybel veroordeel dit.

119 Maar nou, omtrent die dra van ’n haarstuk of die dra van ’n haar. . . Wel, wat is een van daardie “rotte”? Het ek ’n rukkie terug ’n fout gemaak of is dit ’n “muis”? Dit—dis iets—dis iets wat ’n—’n vrou in haar hare sit om dit meer te laat lyk. . . Wat dit ook al is (sien?), daar is niks daarmee verkeerd nie. Gaan voort, dis in orde.

409. Broer Branham, ’n suster het sowat agthonderd myl na die tabernakel toe gekom, en sy het gesê sy glo jy is die vleesgeworde Jesus Christus. Praat asseblief hieroor. Sy was baie (o-n-g-e-. . .) **ongeduldig om ander te vertel wat sy dink.** (O-n-g-e-d-u-. . .) **Ongeduldig**. Goed.

120 Nou, natuurlik was die suster verkeerd. Ek is nie Jesus Christus nie; ek is Sy dienaar. Ons het al soveel keer daardeur gegaan. Maar. . .

O, ek kom nou baie nader; bid net vir my, net nog ’n klein bietjie langer.

410. Broer Branham. . . (Sou julle net daarvan hou om die res van hulle te hoor so—so gou as wat ons kan?) **Broer Branham, eenkeer het ek gefaal God het my ’n. . . gevoel God het vir my ’n belofte gegee soos vir Sara. Daar was ’n vraag, maar die belofte het daarna gekom. Was die belofte van God? Ek weet Sara s’n was, maar ek voel tyd is so kort. Ons het jou bediening, en Hom Wat jou geroep het, lief** (Dis mooi, is dit nie?)**—het jou bediening, en Hom Wat jou geroep het om dit te doen, lief, en daarom, het ons jou lief.** O, hulle het hulle naam geteken. Dankie, suster en broer. ’n Vraag, ja, ja. Goed.

121 Nou, God. . . Dink Hy het vir jou die belofte gegee, en dit het soos Sara gebeur. Sekerlik, is dit dieselfde God; Hy antwoord

op dieselfde manier. Moet niks anders glo as dat dit van God was nie.

Broer Branham, ek wil jou graag 'n paar vrae vra aangaande die Bybel. Verduidelik asseblief Markus . . .

Ek het daardie een gehad; ek het dit gehad, Markus 16. Ons het dit nou die dag gehad, ek onthou. Laat ons sien.

411. Liewe Broer Branham, verduidelik asseblief Matthéüs hoofstuk 22, vers, wanneer . . . (Ons het daardie een gehad. Sien? Onthou nou die dag? Ek sal—ek sal dit vir julle wys. Ek was . . . Sien dit net hier, 22.) **Hoe het hierdie gas by die Bruilofsmaal ingekom, wat 'n kleed aangehad het, maar het nie een van die bruilofsklede aangehad nie?**

122 Onthou, ek het gesê . . . ek het soort van 'n grappie gemaak; ek het gesê: "Denominasionele broer wat gekom het deur die—die . . . wat deur die venster gekom het en nie deur die Deur nie." Die Deur is die Woord.

Jy het gesê dat Kain van die slang se saad is. Waarom het Eva gesê: "Ek het 'n man van die Here verkry?"

Dis wat ek vanmôre probeer kry het. Ek het die Skrifte daarvoor hier neergeskryf. Ek mag 'n bietjie teruggaan; ek hoop so. Het sommige hier gekry . . .

Broer Branham, my man, wat as 'n Katoliek grootgemaak is, in ons aanbidding, wil hy op sy manier bid.

Ek het dit gehad. Onthou?

O, ek kry hierdie nou net reg hierin. Ek het daardie een gehad.

Broer Branham, ek het oplaas . . . om my suster geïnteresseerd te kry van 'n de- . . . Ek het dit gehad. 'n Dame het 'n Katolieke suster gehad.

Broer Branham, in Twee Timóthéüs 4, wat is die gawe wat gegee is deur . . . ?

Ek het daardie een gehad. Hoeveel onthou hulle? Ek het sommige van hulle hier deurmekaar. Sien?

Is dit wettig vir ons om enige soort . . . ?

123 Dis geboortebeperking. Ek—ek . . . Laat ek met julle in die—in die privaat daaroor praat (sien?), soos ek vanmôre gesê het.

Eerste, word die vyf dwase maagde gered gedurende die . . . ?

Ek het dit gehad. Ek gaan hier oor. Net 'n oomblik, wees net geduldig met my.

Nadat die weg bekend is, ten minste die weg van bekering en heiligmaking (Ek het daardie een gehad, onthou julle?), **om dan daarvan af weg te val . . .**

Ek het daardie een ook gehad. Ek het ietwat teruggegaan. Ek sal hulle maar net kry soos . . .

Broer Branham, wat is die betekenis van Matthéüs 24:28: "Want waar ook al die karkas lê, daar sal die arende saamkom"?

Onthou dat ek dit verduidelik het? Sien? Ek het dit gehad. Dalk is ek klaar met hulle. Prys die Here!

Dis tyd—is dit tyd dat die Bruid sal moet—moet by jou wees vir (Nou, ek het daardie een gehad.) **die Wegraping?**

Dalk het ek . . . En ek weet ek het daardie een gehad, want dit was onder afgemerk; ek onthou dit. Wel, prys die Here! Ons kom nou reg onder hier. Laat ons sien.

412. Aangesien Handelinge 2:38 die enigste manier is om gedoop te word, wat van die menigte . . .? Ek het dit gehad.

124 Hulle het dit nooit in hulle dae geweet nie; dis net eers geopenbaar. Na jy weet wat om te doen: "Vir hom wat weet om reg te doen, en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde."

413. Broer Branham, is dit verkeerd om te kweek—te kweek en in tabak te werk? Ek dink nie ek het dit gehad nie.

125 Nou, ek is teen tabak. Ek is teen die gebruik van tabak; enige wedergebore Christen sal wees; dis al, want dis verkeerd. Ons weet dat selfs die mediese wetenskap sê dis wat die meeste keel en—en longkanker veroorsaak, is—is tabak. Hulle sê: "Rook gefilterde sigarette."

126 Nou, aan julle mans en vroue wat rook, dit mislei julle net, want jy kan nie . . . Wel, al wat hulle doen . . . Wanneer jy gefilterde sigarette koop, moet jy meer daarvan koop, want dit laat net 'n sekere persentasie van die rook deur. Want enigiemand sal jou vertel . . .

127 Ek het daardie lesing by die Wêreldskou bo in Washington gehoor verlede jaar (toe ek daar by die Wêreldskou was), en daardie dokters van regoor die hele wêreld dit daar verduidelik het; het gesê dat jy nie rook sonder teer kan hê nie, en jy kan nie . . . En as jy rook het, het jy teer. En het gesê: "Moenie dat enige mens jou mislei oor gefilterde sigarette nie, want waar jy een van die ander rook wat die verlange sou bevredig wat jy vir sigarette het, sal jy twee of drie van die ander moet rook." Dit is net 'n—'n publieke set, 'n set van publisiteit op radio en televisie.

128 Maar om in tabak te werk en tabak te kweek. Nou, julle Kentucky broers wat hierdie tabak kweek . . . Wel, laat ek een ding sê: As dit jou veroordeel om dit te doen, moet jy dit nie doen nie, want ek sou nie enigiets wou maak wat sou . . . wat ek weet iemand anders na hulle dood sou neem nie. Dis verkeerd om vir 'n buurman 'n sterk drank te gee, dan sou dit verkeerd wees om sterk drank te maak. Maar laat ek nou iets anders sê. Nou, in soverre as om dit te kweek . . .

129 Tabak, julle weet, nikotien word ook in mediese terme gebruik. En het julle geweet julle kweek mielies wat whiskey maak, koring en gars wat whiskey maak? Dit reg? Goed. Sien? Jy weet nie waarvoor hulle dit gaan gebruik nie.

130 Maar nou, ons kweek mielies, dat ons kan dink wanneer ons mielies kweek, dat dit kon mielievlokkies maak, en kos vir die mense, mieliebrood, ensovoorts; maar hulle maak ook bedwelmende drank daarvan, (sien?), so jy sou nie weet wat om te doen nie.

131 En jy kweek. . . Jy het 'n lelietuin. Weet jy wat hulle met die lelie doen? Hulle maak opium daarvan. Weet julle wat hulle met kropslaai doen? Hulle doen dieselfde ding. Daar's opium in kropslaai ook. Het jy al ooit 'n bos kropslaai geëet en gesien hoe kalm jy vir 'n klein rukkie voel? Dis die opium daarin. Weet jy dis in uie ook? Sekerlik. So, jy—jy sien, dit hang af waarvoor jy dit doen.

132 Maar laat ek dit sê, as 'n Christenbroer aan 'n Christenbroer: As jy 'n tabakbasis het, verkoop dit aan iemand anders, vat die kans op die mielies. Ek glo dit sou beter wees (sien?), want ongetwyfeld waarvoor hulle dit kweek. . .

My man was getroud met 'n alkoholis en owerspeelster. . .

Ek het dit gehad. Kom van. . . Ek het julle gesê waarvandaan dit was. Dis van weg van hier. Ek het daardie vraag gehad. En nou, laat ons sien.

Die vrou van Openbaring 12. . .

Ek het daardie een gehad. Ja, ek het hierdie bondel vrae gehad. Laat ons sien. Dit het dit gehad; ek het hulle gehad. Dis oor Openbaring 12, wat sy was. Laat ons sien.

414. Broer Branham, ons het twee kinders wat kerk toe gaan wat deur 'n vrouepredikerbeheer word. Ons weet sy is van die Woord af. Ons kinders is onder hierdie sterk invloed. Hoe sal ons dit aanpak om vir hulle te sê dit is verkeerd?

133 Ek het julle reeds gesê. Ek het dit geantwoord. En hanteer dit versigtig. Wat sou julle sê as ek. . . ek weet daardie persoon sit hier. Wat sal julle sê as ek glo ek weet wie die vrou is en vir julle kan sê?

415. Sal die Millennium heerskappy eenduisend jaar wees of net 'n telling van tyd?

134 Ek het daardie een selfs vanmôre gehad. Sien? Dis eenduisend jaar. Goed.

Broer Branham, die probleem van wat. . .

Ja, ek het dit gehad. Die koring en die onkruid, onthou julle ons het dit gehad.

Ek glo ons kom nou reg onder. Ek mag 'n klomp hiervan teruggegooi het. Laat ons sien. Dieselfde ding.

Broer Branham, ek is 'n moeder van ses wonderlike kinders en my man wil hê ek moet vir 'n ruk gaan werk om te help met die finansies. Moet ek? Wil ook bid tot God om my geloof te skenk dat . . . om my te gee . . . Abraham en—en . . . soos geloof . . . soos Abraham en Daniël en die Hebreeuse kinders. Behoort 'n Christen tabak te kweek? Ek het so pas daardeur gegaan. En . . .

416. Broer Branham, is dit verkeerd vir 'n vrou om haar bene te skeer?

135 Sien ek gesigte? Staan dit daar? Ek kan nie . . . Ek weet nie. Ek gaan dit by julle laat.

Is—is dit deesdae verkeerd om jou familie te beperk? Beteken dit beoefen volledige geboortebeperking?

136 Ek het dit, natuurlik, aan die . . . elke indiwidu beantwoord. Laat ons sien.

As 'n vrou, terwyl sy in sonde is, 'n egskeiding verkry en weer trou en . . .

137 Ek het dit beantwoord. Onthou julle ek het gesê: "Los die egskeiding gevalle tot . . ."

417. Ek het 'n vriendin wat ek baie liefhet. Sy het al sommige bande en briewe gehad wat ek glo wat . . . het nog nooit met haar gepraat nie. Eintlik dink ek, ek is bang om haar te vernietig en haar as 'n vriendin te verloor. Wat behoort ek te doen?

138 Praat met haar in liefde. Ek het nie . . . Ek dink ek het dit al geantwoord, maar ek—ek sou . . . Moenie—moenie probeer om enigiets op enigiemand af te dwing nie. Wees net sout; hulle sal graag soos jy wil wees.

Broer, suster, ek glo ek het hierdie beantwoord.

Broer Branham, verduidelik asseblief oor die vyf dwase maagde.

Ek—ek weet ek het daardie een gehad. Dis geskryf, en dis rooi papier. Ek glo ons is . . . Ek het daardie een gehad. Ek glo ek het dit almal beantwoord. Prys die Here. Laat ons sien. Verskoon my net 'n oomblik.

418. Liewe profeet van God, Markus 16:18, ek . . . deel van handoplegging op die siekes . . . ek is rondom slanghanteerders. Wat daarvan?

139 Wel, dis 'n goeie vraag. As jy rondom slanghanteerders is, en hulle sê Markus 16 . . . Sekerlik! Ek glo dat die Bybel bedoel net wat Dit sê. Ek glo as ons probeer om die Here in iets te versoek, dan gaan ons dit kry. Maar ek dink nie dat God vir jou bedoel om my 'n bottel arseen te bring en te sien of ek dit kan drink en aan jou bewys dat ek geloof het nie; net so min as wat ek glo dit vir jou sou reg wees om vir my 'n slang te bring, en my dit te laat

optel, en jou wys ek het geloof dat ek sy gif kan oorkom nie. Ek glo nie dit is so nie.

140 Ek glo wel dat, as ek in die water besig was om mense te doop, of die werk van die Here gedoen het, of buite in die oerwoud, en die slang my pik, dat ek reguit sou voortgaan in die Naam van die Here. Sien? Ek glo dit is wat bedoel word.

141 Nou, as jy moet neem . . . Sien, wat jy daarmee doen, liewe persoon wie jy ook—wie jy ook al is . . . Onthou dit. Sien? Kyk wat die Bybel daaromtrent gedoen het. Ewe min as wat ek glo as jy probeer sê: "Glorie, glorie, glorie" . . . Moet vir God nie versoek om in tale te praat nie, laat die Gees net deur jou praat. Sien?

142 Nou, ek glo nie daarin om God te versoek of enigiets te forseer nie. Net soos ek 'n ruk gelede gesê het, toe die Gees . . . Ons wag op die Gees; Dit doen dit.

143 Nou hou dop, Paulus het stokke opgetel op die eiland van Kreta, glo ek was dit. En hy was in kettings, en 'n slang, dalk 'n mamba . . . Dis 'n doodbyt; hy moes sommer gou dood neergeval het. Ek weet nie van enige ander slang wat jou so gou kan doodmaak nie, tensy dit 'n mamba sou wees nie.

144 En toe het hy hierdie mamba opgetel, sou ons sê. Dis 'n dodelike byt; jy het net omtrent, net 'n paar asemteue oor. Wanneer die mamba jou tref, of, kobra, het jy 'n vyftig—vyftig kans, met die serum, om te lewe, met die swart kobra. Met die geel kobra het jy omtrent tagtig persent om te sterf en omtrent twintig persent om te lewe; 'n mamba, het jy geen persent nie. Jy is net dood, dis al, want jy haal nie meer as net 'n paar teue asem nie. Dit verlam die senuweestelsel, die bloedstelsel, en alles anders, en jy is weg. Sien?

145 Maar toe—toe hierdie mamba wat vir Paulus aan die hand gepik het, het hulle gesê: "Wel, daardie man is 'n . . . Hy is 'n bose man, miskien 'n moordenaar. Selfs al het hy aan die see ontkom, tog die . . . kon hy nie die dood ontkom nie. Die gode gaan so op hom wraak neem—as 'n moordenaar."

146 Paulus het gekyk, en hierdie slang wat aan sy hand hang, hy het dit net afgeskud, glad nie ontsteld: "O, Here, help my om dit te doen," nie. Nee! Hy he daarna gekyk, dit in die vuur afgeskud, voortgegaan om stokke op te tel asof niks gebeur het nie.

Hulle het gesê: "Hy sal net binne 'n oomblik sterf, want wanneer daardie slang jou pik, is jy weg." Naderhand soos die tyd verbygegaan het, het Paulus nie opgeswel, gesterf, of enige effek gehad nie. Hulle het gesê . . . Hulle het verander, het gesê: "Hy is 'n god wat in die vorm van 'n man afgekom het." Sien?

147 Hy het nooit gesê: "Bring vir my daardie slang," nie, maar die slang het hom gepik. Hy het God nooit versoek nie, maar het geloof in God gehad om die slangbyt te oorkom. Sien julle wat ek bedoel?

148 So, wie jy ook al is onder slang-hanteerders, ek . . . Nou, as hulle slange wil hanteer, dit—is dit hulle eie saak. Sien? Ek sien dit net nie op so 'n manier nie.

149 Nou, julle sê: "Wel, daardie mense het geloof." Ek sê nie hulle het nie geloof nie, brand hulleself met 'n asetileenvlam en sulke goed, maar (jy sien?) dit bewys God nogsteeds nie.

150 Ek het Indiërs 'n—'n streep vuur sien neem, drie voet in die dwarste en omtrent veertig jaarts lank, wanneer dit met blare aangeblaas word tot dit witg-warm is (nie spesiale manne nie, boere), stroop hulle skoene af, neem klein (die priesters seën hulle met bokbloed), en neem klein hoekies van vishoeke, en steek in hulle vel oor hulle mond, tot hulle een groot gemors van—van water is, opgevul in klein soos sulke kersboomballe, ornamente, opgevul, en groot vishoeke, so lank, steek in hulle vlees (julle kan julle voorstel wat dit is om in en uit te haal), en so daar staan, en reguit uitstap oor daardie warm vuur (en dit net—net wit-warm, verby rooi, wit-warm)—stap reguit af deur daardie vuur en draai reg om en loop terug, selfs nie 'n skroeimerk op hulle voete nie. En hulle glo nie eens in ons God nie. Hulle aanbid, duiwelaanbidding. Sien? So dit beteken nie enigiets nie. Bly net weg . . . Wees jy net 'n ware, sagte, nederige Christen, lei die lewe, en dan sal God vir die res daarvan sorg.

419. Broer Branham, waaroor gaan die predikers preek—preek wat nie in die Bruid gaan nie? Hulle boodskap nou, die Heilige Gees, waterdoop, en verlossing, waaroor gaan hulle preek as hulle nie in die Bruid gaan nie?

151 Wel, hulle sal . . . Weet julle wat sal waarskynlik gebeur? Ek sê dit, nou. Ek kan dit nie bewys nie, maar ek . . . Hulle sal eenvoudig net voortgaan met preek net soos hulle nou het, en mense sal voortgaan en dink hulle word gered; en die Bruid sal reeds weg wees.

420. Is dit reg, volgens die Woord, om geboortebeperking toe te pas?

152 Ek het vir julle gesê ek sal dit privaat beantwoord. Julle wat hierdie vrae het, kom privaat na my toe.

Liewe Broer Branham, ons het 'n leraar wat jy ken wat die Skrif sê . . .

Ja, ek het dit gehad. Net 'n oomblik nou.

Broer Branham, ons het vroeër ons naam laat sit op die boek van 'n sekere . . .

Ja ek het dit gehad. Dis oor hoe hulle dit nou laat afhaal het, het hulle verkeerd gedoen?

421. Wat . . . Sou jy geboortebeperking aanbeveel?

153 Nee, ek kan dit nie aanbeveel nie. Nee, meneer. Sien?

422. Dit . . . Is die sewende engel, soos van gepraat word, van Openbaring 10, dieselfde persoon as Elía van Maleági 4?

Het ek dit beantwoord? Dit klink nie asof ek dit beantwoord het nie.

154 Ja, dis dieselfde persoon. Openbaring 10 is die sewende engel se Boodskap, wat . . . sewende engel boodskapper van die Sewende Kerkeeu, wat Maleági 4 is.

Is geboortebeperking . . .

155 Ek het baie daaroor. Ek het net hierdie teruggegooi, en ek—ek wou nie antwoord nie; ek sal julle liewer privaat wil sien.

423. Waar vind ons waar Noag vir honderd-en-twintig jaar gepreek en die ark in honderd-en-twintig jaar gebou het?

Het ek dit beantwoord?

156 ’n Geslag, of toebedeelde tyd, ’n mens se toebedeelde tyd op aarde was honderd-en-twintig jaar, wat Noag geneem het, die periode, om die ark te bou, wat as ’n geslag in daardie dae beskou is. Eenhonderd-en-twintig jaar was ’n mens se toebedeelde tyd. En hy het gepreek, volgens . . . Génesis 6:3, hy het vir daardie geslag gepreek, wat honderd-en-twintig jaar was; Noag het. Goed. Laat ons nou sien.

424. In Maleági 4, moet hierdie Elía die harte van die vader tot die kinders bring, en dan die harte van die kinders tot die vaders. Is dit dieselfde persoon?

157 Ja, dieselfde persoon. Goed. O, wag ’n oomblik. Nee! Verskoon my, ek is jammer. Net . . . Sien die Heilige Gees dit toe vir my vang? Nee! Ek het gedink dit sê die . . . Sien?

158 Wat dit daar in Maleági 3 was: “Ek stuur My boodskapper voor My aangesig,” wat Elía was. In Maleági 4 draai dit reg om en sê: “Kyk, Ek stuur Elía.” Maleági 3 moes Hy ’n boodskapper vat wat voor die aangesig van die Here Jesus gestuur is, wat Johannes was. Hoeveel verstaan dit? Maleági 4, wanneer hierdie Elía kom, onmiddellik na sy Boodskap en dinge, en daarna, is die Koms van die Here en die hernuwing van die aarde.

159 En let julle op, om dit nou seker te maak dat dit nie is . . . Hoe die Heilige Gees dit deur hierdie profeet geskryf het, Hy het gesê: “Hy sal die harte van die vaders, eerste, terugbring tot die kinders.” Sien? Dit was Johannes se eerste koms. Hy het die harte van die vaders, die ou, aartsvaders, na die Boodskap van die kinders teruggebring, wat toe die nuwe geslag was, Jesus, in daardie geslag. Dan, *en*, voegwoord, dit bind “die harte van die kinders bymekaar terug na die vaders,” wat beteken, die Boodskap van vandag sal die harte van die kinders in die kerkeeu terugbring na die oorspronklike Pinkstergeloof van die begin.

160 So dit sal twee verskillende . . . Die een boodskapper, maar dit maak daar onderskeid tussen die—die eerste koms en die tweede, van Johannes . . . of die boodskapper, Elía.

My man en my jongste seun glo nie . . .

Ja, ek het dit gehad. Ek weet ek het, want ek weet die persoon het hulle name daar geteken. Ek onthou dat ek agterna met hulle daaroor gepraat het.

425. Hoe kan ons die wil van die Here vind? Ons—ons huis na . . . Moet ons ons huis na Jeffersonville, Indiana, toe verskuif? Kan 'n persoon 'n Christen wees en nie van 'n gekleurde mense hou nie? Wil God nie hê hulle moet soos ons behandel word nie, omdat hulle donker van kleur is? Sou jy . . .? Wat stel jy hierin voor? Glo jy in integrasie of segregasie?

161 Ek glo in integrasie. Ek glo dat 'n man . . . Ongeag wat sy kleur is of wie hy is, hy is 'n man net soos ek is. Dis presies. En ek glo, as hulle net daardie gekleurde mense sal uitlos, en daardie kommuniste nie daar uitgegaan en hulle geïnspireer het nie . . .

162 Nou, hulle wou hê . . . Nou, die egte ware gekleurde mense, daar is 'n egte klomp wedergebore, goddelike heiliges onder daardie mense. Ja, inderdaad. Net omdat my vel wit is en hulle s'n donker, beteken dit nie een ding vir my nie. Hy is my broer as hy in Christus is.

163 Dis waarom ek verskil van die Afrikaanse boodskap; hulle het nie eens geglo daardie mense het 'n siel nie. Dis waarom daar nie van my gehou is daar nie. Ek het gesê: "Daardie man is 'n man net soos ek is. Hy het die reg tot dieselfde voorreg wat ek het. Sy vel maak geen verskil aan my nie, of geen ander man wat wedergebore is deur die Gees van God nie."

164 Maar ek het gesê: "As hulle daardie gekleurde mense sou uitlos, sou hulle nooit so geïnspireerd gewees het nie." En ek sal dit van hierdie preekstoel af sê . . . Ons het baie gekleurde mense wat hiernatoe kom. (Ek dink nie daar is enige hier vanaand nie.) Maar ons het baie gekleurde mense wat hier na hierdie kerk kom. Broer, hulle is net so welkom soos enigiemand anders is. Hulle is my broer en suster.

165 En sommige van die beste mense wat ek ooit in my lewe ontmoet het, is sommige van daardie gekleurde mense. Dan is daar sommige van hulle wat afvalliges is, presies net soos die witmense, of die geelmense, of die bruinmense. Ja, inderdaad.

166 Nou, ek glo nie in gemengde huwelike nie. Ek glo dat 'n witman nie met 'n gekleurde meisie moet trou, of 'n gekleurde meisie met 'n witman trou nie, of 'n geel met 'n gekleurde trou nie, of 'n witte, of 'n . . . Ek glo die bruin, swart, wit, en rasse van mense is soos 'n blomtuin van God, en ek glo nie hulle moet gekruis word nie. Ek glo dis die manier wat God hulle gemaak het, en ek glo dis hoe hulle moet bly.

167 Wat . . . Dit flous my dat ek een of ander baie mooi gekleurde meisie sien, mooi kind, net so mooi soos enige vrou wat jy wil sien . . . Waarvoor wil sy met 'n witman trou en basterkinders hê?

Wat sou 'n intelligente gekleurde meisie met so 'n ding soos dit wil hê? Is oor daardie iets . . . daardie kommunis . . . En hoe sou 'n —'n goeie . . . 'n—'n—'n gekleurde man met 'n witvrou wil trou en basterkinders hê?

168 Ek glo nie ek . . . ek glo jy behoort te bly net wat ons is. Ons—ons is dienaars van Christus. En God het my gemaak . . . As Hy my gemaak het, my kleur swart, sou ek bly wees om 'n swartman vir God te wees. As Hy my geel gemaak het, sou ek 'n gelukkige geelman vir Christus wees. As Hy my wit gemaak het, sou ek . . . ? . . . gelukkige witman vir Christus wees. As Hy my bruin gemaak het, of rooi, 'n Indiaan, wat dit ook al is, ek sou my selfde kleur bly. Dit sou ek wees. Ek wil wees soos my Maker my gemaak het.

169 Die dag daaronder in Shreveport toe daardie opstand gekom het, en daardie . . . en daar was al daardie jong gekleurdes geïnspireerd daar, kommunisties . . .

170 Ek het vir julle hier op hierdie preekstoel gesê, Martin Luther King is die grootste oneer wat die gekleurde mense nog ooit gehad het. Reg. Daardie man gaan 'n duisende van hulle lei tot 'n slagting (dis reg), deur kommunisme geïnspireer.

171 Laat ek my punt bewys. Ek het dit omtrent twee jaar gelede gesê. Kyk wat het nou so pas gebeur. Hulle het gesê hulle veg vir integrasie, en toe die wet hulle die integrasie gee . . . En aan julle mense wat nie in integrasie glo nie, skaam julle. Ons nasie laat integrasie toe, en ons behoort te doen wat die grootbaas sê om te doen. Dis presies reg.

En nou, sê julle . . . Om nie in plekke te kom, ensovoorts soos dit, of inkopies doen, of agter in die bus te sit, ensovoorts, nee, meneer! Die wet sê hulle is presies dieselfde as ons, so ons is dieselfde as hulle; so kom ons tree so op. Laat ons so wees. En dis presies wat alle ware wedergebore mense glo. En nou, ek glo dis in hulle hart.

172 Ek het nog nooit so 'n gevoel vir mense gehad as wat ek vir daardie arme mense in Afrika het nie, die manier waarop hulle behandel is. En ek glo nie in daardie goed nie. Ek is 'n suidelike; ek is anderkant die rivier daar ver gebore, maar ek is soos Abraham Lincoln; ek kom hier omdat ek glo dat mense gelyk gebore is. Dis reg. En ek glo nie daarin om mense van mekaar te skei en sulke dinge nie, wanneer daardie mense . . . met die Heilige Gees gedoop is ensovoorts.

173 Maar kyk, dit is nie daardie ware, egte wedergebore Christen gekleurde mense wat al hierdie moeilikheid veroorsaak nie. As julle hulle daarvoor wil veroordeel, wat van sommige van ons afvallige wit kinders? Sien? Nou wat vir die een geld, geld vir die ander. Wel, ons wit kinders veroorsaak twee keer soveel moeilikheid as wat hulle het. Dis presies reg. Waarby is dit? In ons

kolleges en sulke dinge. Sommige van ons hoër-gekwalifiseerde mense veroorsaak daardie dinge. Sien?

174 Wel, wat is dit? Nou, om vir julle te wys dat dit kommunisme is en nie daardie gekleurde mense nie, dis hoe kommunisme altyd ingekom het om oor te neem. Hulle doen dit in elke nasie. Dis hoe hulle dit doen, kry julle om onder mekaar te baklei, revolusie, dan neem hulle in sonder 'n skoot. Hulle wil nie hierdie land opblaas nie; hulle wil dit hê. Hulle dit kan inwurm. En nou, hulle het 'n geval gesien om dit te doen, en weet wat die ou revolusie was, en het gedink hulle sou nog 'n revolusie begin.

175 Om te staaf dat my punt duidelik is, nadat hulle integrasie het (hulle het dit nou, geregtelik, wettiglik), veroorsaak hulle nou meer moeilikheid as wat hulle in die eerste plek gedoen het. Sien? Dit wys dat dit kommunisme is en nie daardie kosbare siele wat uit die Gees van God gebore is nie.

426. Sou ons steeds aan die brand wees en die Evangelie verkondig, of is die tyd verby?

176 Nee, hou aan met preek net so hard soos jy kan preek. Broer, bly daarby; ek is reg agter jou.

427. Broer Branham, toe jy geprofeteer het oor: sou nie eiers eet nie, moenie in die vallei bly nie, was daardie profesie net vir jou of vir die gemeente? Goed.

177 Jare gelede, omtrent dertig jaar gelede, het ek 'n profesie gegee dat dit sou gebeur in die laaste dae dat daar siektes onder diere, onder beeste, en eiers, selfs tot eiers sou wees. En dit het gebeur, dat daar eiers sou wees wat nie geskik sou wees om te eet nie. Ook, dat dit sou gebeur dat mense wat in valleie woon . . . Nou onthou, ek het dit lank terug, dertig jaar gelede geprofeteer, dat dit sou gebeur, dat mense wat in valleie woon, dat ek die Christene gevra het om uit die vallei te trek, en dat hulle nie moet eet nie . . . Verskillende vleis en sulke dinge, sou gif wees. Dit sou gevaarlik wees (ek dink dis hoe ek dit gehad het) vir mense om in die valleie te woon.

178 Nou, dit was voor hulle uitval gehad het, of enigiets geweet het van uitval. Maar dit was die Heilige Gees wat my gewaarsku het. En huidiglik, selfs tot ons vee (julle sien hulle van die markte af) wat met DDT gespuit word, het iets aan die gang gesit in die koeie.

179 Let weer op, al hierdie kruisteelt goed en dinge wat hulle doen, verrot absoluut die menslike ras. "Dertig persent," twintig of dertig persent, het die *Reader's Digest* gesê: "van die pasiënte in die hospitaal word daar ingesit as gevolg van die dokters." Hulle sal vir jou 'n medisyne gee om hierdie uit jou uit te kry, en dit veroorsaak iets anders hierdie kant.

180 En het julle na eiers opgelet? Verlede jaar het honderde gevalle in Louisville en Jeffersonville siek geword en is

gehospitaliseer van vomering deur eiers te eet wat die hoender in die vallei hier . . . Die eiers uit die vallei het die uitval opgeneem. En vergiftigte onkruid, ensovoorts, alles is besmet.

181 Maar hier is waar jy dit kry, my broer. Ek glo met my hele hart dat dit in die Skrif geskryf is dat—dat geen kos geneem moet word sonder dat dit met danksegging geneem word nie, want dit word geheilig deur die Woord van God en gebed. Sien? As jy dit eet, sê: "Here Jesus, U het die kos vir my berei. Nou, deur geloof wy ek hierdie kos tot die versterking van ons liggame." Eet dit dan, want in alles wat ons doen, is deur geloof.

Liewe Broer Branham, gronde vir egskeiding van 'n dronk man?

182 Ek—ek hou nie daarvan om oor daardie egskeiding te praat nie. Dit—dit . . . Dit, ek—ek—ek sal 'n bietjie later daaroor praat.

428. Broer Branham, Broer (Net 'n oomblik. Dit het betrekking op een van die predikers hier. Laat ek dit net eers lees. [Broer Branham talm en lees die vraag vir homself—Red.] Hum! Net 'n oomblik. Wel, ek sê julle. Ek gaan dit in elk geval lees.)**—Broer Branham, Broer Neville het vir my deur profesie gesê dat SO SPREEK DIE HERE dat ek die Heilige Gees sou ontvang. Het my met hierdie sekerheid gesê dat ek die Heilige Gees sou ontvang, ek het tot nog toe nie die Heilige Gees ontvang nie. Moet ek voortgaan . . . ?**

183 Ja, inderdaad! Doen dit. Hou aan glo.

Let op, ek roep . . . het by Broer Wood gister gestaan, toe daar 'n telefoonoproep ingekom het van 'n man wat in 'n rolstoel is, wat hiernatoe kom, belas vir 'n broer of iemand wat was—wat 'n alkoholis was en deur die Anonieme was en inspuitings geneem het, in die hospitaal, ensovoorts; en Broer Neville het in tale gepraat of op een of ander manier 'n—'n profesie oor hierdie persoon gegee, en het 'n profesie gegee dat iets ten goede sou gebeur met daardie man binne die volgende paar dae, of so-iets. En die man het gebel en gesê dat hierdie man nou, vir agt-en-sestig dae, uit die hospitaal uit is, nog nie een drankie gedrink het, of een geneesmiddel geneem het om van drank, of enigiets af weg te bly nie. En die ding wat Broer Neville in profesie gesê het, het gebeur. Prys die Here! Ons glo ons broer is 'n man van God.

Liewe Broer Branham, is daardie . . . ?

184 Wag nou, laat my net 'n oomblik daar stop. Nou, dis wat ek vir die mense probeer vertel. Broer Neville glo dieselfde Boodskap wat ek glo. Broer Capps, Broer Beeler, Broer Ruddell, al hierdie broers hierrond glo dieselfde Boodskap wat ek glo; hulle preek Dit, net soos ek dit doen.

185 En as julle wil, regtig wil, julle gaan wegtrek, en julle gaan aftree of iets anders, en wil kom vir die Woord, kom hiernatoe. Kom na die tabernakel toe, dis waar jy Dit hoor.

186 Hierdie is godsvresende manne. Hulle is manne wat dieselfde Heilige Gees het wat ek het en—en julle het, leer uit dieselfde Bybel en dieselfde Boodskap.

Liewe Broer Branham, is hulle wat in tale sal praat die oorblyfsel . . . ?

Ja, ek het dit gehad. Uh, huh, ek het dit gehad oor praat in tale.

Broer Branham, jou preek oor die doping van die Heilige Gees, is doop in Jesus' Naam . . . ?

Ja, ek het dit gehad. Laat ons sien.

429. Broer Branham, die Bybel sê vir ons dat 'n—'n vrou haar man moet gehoorsaam. Ek is 'n Christen en my man is 'n sondaar. Hy vervolg my op elke manier wat hy kan, en vir my om nie kerk toe te gaan nie, en nie my Bybel te lees nie, en—en verloën die Woord. Wat moet ek doen?

187 Wat moet jy doen? Nou, luister, jy is veronderstel om jou man te gehoorsaam; dis die Woord. Nou, as hy vir jou sê en jou verbied om die Bybel te lees, kerk toe te gaan, of so-iets, hoef jy dit nie te gehoorsaam nie, want: "Hy wat wil—nie sy vader, moeder, man, vrou of wat dit ook al is, sal verlaat en My volg nie, is My nie werd nie." Is dit reg?

188 Nee, moenie . . . Die mans is veronderstel . . . jy is nie . . . 'n Man is nie veronderstel om daardie gesag oor 'n vrou uit te oefen net omdat hy haar heerser is nie. God is haar heerser bo jou, broer. Sien? En as jou vrou iets verkeerds doen, moet dan nie . . . dan het jy 'n reg om haar te sê, en sy is veronderstel om na jou te luister. Maar jy het nie die reg om haar te slaan, of haar rond te sleep, of—of daardie dinge te doen nie. Nee! Sy . . .

189 God het vir mans 'n hulpmaat gemaak, nie 'n deurmat nie. Onthou, sy's . . . Sy was jou soetlief; sy behoort dit altyd te wees.

430. Wanneer en waar sal die mense van God vir die laaste Woord saamkom?

190 In Christus. Ja! Vir die laaste dag, sal hulle in Christus saamkom. Moet dit nou nie vergeet nie. Ons het 'n bymekaarkom plek; ons het dit net presies.

431. Ons word genoem . . . (Nou, hier is daardie vraag nou die dag.) **Ons word onrein voëls genoem, omdat ons na Junior Jackson se kerk toe gaan. Somtyds omdat ons is met die—die . . . Hy onderwerp hom nie aan die nuwe kerkreëls hier by die kerk nie. Is ons uit die perfekte wil van God om by tye daar by te woon?**

191 Nee, meneer! Ek glo dat Junior Jackson 'n man van God is. Ek het dit alreeds verduidelik. Ek glo . . .

192 Nou, ons stem nie saam oor die orde van die kerk nie. Nou, ek glo dat Junior is—Junior . . . Wel, hy . . . Hoeveel ken vir Junior

Jackson? Wel, ons weet daardie man is 'n godvresende man. Hy glo hierdie Boodskap net soos ek, en hy glo hierdie dinge. Om die waarheid te sê, ek en Junior is net maats, net soos die res van hierdie manne hier, J. T., en—en Broer Ruddell, en Broer Jackson, en Broer Beeler, en al hierdie broers hier; almal van ons, ons is saam. Nou, ons nie . . . stem dalk nie hieroor saam nie (sien?), maar ons glo hierdie selfde Boodskap (sien?), en ons staan saam. Daar is Broer Humes ook daar oorkant, 'n sendeling, en o, soveel verskillendes, ek . . . Somtyds kom ek nie eens daarby uit om hulle name te noem nie, maar julle—julle weet ek bedoel julle, in elk geval, broer. Sekerlik.

Jy sou graag wou wegkom van verpleging te doen . . .

193 Ek het dit gevra. Onthou? Dis 'n liewe sagte suster wat wou weet van verpleging te doen.

Toe ek klein was, het ek . . . vir almal vertel dat ek 'n prediker wou wees. (Ek het dit gehad. Ek het dit ook gehad.) **Wat moet hy dan omtrent vandag doen?**

194 Wel, dit is 'n brief van 'n—'n prediker werker vir Christus, wat nie is . . . Dis net 'n persoonlike brief aan my. Dis van Broer Pat Tayler, een van ons broers hier by die kerk.

Dis almal van hulle. Dank die Here. Ek is dankbaar vir julle mense. Ek kry net die . . . [Leë kol op band—Red.]

. . . is een,
Ons troos en ons smart.

195 Wonder of Suster Wilson nog in die gebou is? Ek het haar hier gesien. Weet jy wat ek 'n ruk terug gedoen het, Suster Wilson? Ek het na die foto's gekyk toe ons die hoeksteen gelê het. Ek het na die foto gekyk en vir my en Hope gesien voor ons getroud is. Ek het nie eens geweet dat . . . Ek onthou 'n foto wat ek gesien het toe ek uit een van my gevegte gekom het, toe ek 'n kampioenskap gewen het. Het nou die aand na my foto gekyk toe ek staatswildbewaarder hier in Indiana was. En ek dink aan die kerk. Julle weet, ek skat daar is nie omtrent meer as net een persoon wat vanaand hier sit wat oor is uit daardie groep nie. Hoeveel is hier vanaf die tyd toe ons die hoeksteen destyds by die begin gelê het? Steek jou hand op.

196 My Broer, Suster Wilson, ek wil julle—julle twee iets vra. Onthou hoe ons almal begin het? Onthou die ou vloer toe dit nog vol modder was? Het ou vensters gehad wat skud. Ons het tagtig sent gehad om dit mee te begin. 'n Groot hoop onkruid, alles hiervan was 'n bos, soos agter ons hier, toe ons dit gebou het, die tabernakel.

197 Kyk na almal van ons wat ons geloftes afgelê, en rondom die altaar gestap het. Ons het hulle sien kom en gaan, een na die ander. Het julle gelet op dié wat by die Boodskap gebly het, hoe

hulle gegaan het? Nou, dink aan diegene wat weggegaan het van die Boodskap, hoe hulle gegaan het. Dink daaraan.

198 Hier is ons vanaand, na daardie hele groep van drie keer wat ons nou hier by ons volste byeenkomste het. Dink daaraan, toe daar skoolbusse parkeer het hier van reg oor die land, van oral rond, op-en-af deur hierdie perseel. Selfs die oorloop in tente wat daarbuite gestaan het om voorsiening daarvoor te maak, en nog kon jy nie eens die mense iewers sit, wat versamel het nie. Ek was net 'n jong prediker. Sien? En van daardie duisende wat ons gehad het, is daar vanaand drie van ons hierbinne oor.

199 Ek onthou Suster Wilson daar, toe ek na haar siekbed geroep is, sterwende aan TB, gebloei het, tot die lakens en kussingslope bebloed in die hoek gelê het. Ek onthou hoe die Heilige Gees die bloed gestop het. 'n Paar dae later het ek haar in die Ohiorivier in ysige water gedoop in die Naam van Jesus Christus, en haar agterin my oop motor, 'n ou klein toermotortjie gesit, en met haar gery het van Utica af. . . Was dit nie reg nie? Van. . . [Suster Wilson praat met Broer Branham—Red.] Ja! Suster Hope, my vrou, suster daar, was in die voorste sitplek van 'n klein toermotortjie, en my ma en Suster Snelling agterin. Ek het hulle foto, Suster Snelling, Mamma, en almal, Mev. Weber, Mev. . . . my skoonmoeder, almal van ons daar, en Meda, net 'n ou klein meisietjie wat daar gestaan het, en nou, grys-kop vrou. ['n Suster praat met Broer Branham]

200 Ek onthou toe hulle 'n klein kaartjiesdag gehad het om ons eerste geld te kry. En ek onthou Hope het op die hoek gestaan. Sy was net 'n meisie, omtrent sestien; sy het so verkoop, het hierdie kaartjie uitgehou. Hulle 'n kaartjie gegee. Jy kon insit. . .

'n Dronkaard het met die straat afgekom; hy het gesê: "Verskoon my, Juffrou!" Gesê: "Wat verkoop jy?"

Het gesê: "Niks. So ek gee vir jou hierdie kaartjie." Het gesê: "Dis 'n donasie vir die kerk. As jy enigiets hier wil insit vir 'n donasie, ons probeer genoeg geld kry om 'n tabernakel te bou vir. . .in die stad." Het gesê: "As jy enigiets wil insit, kan jy, maar as. . . "

Het gesê: "Ek het niks."

Het gesê: "Neem maar in elk geval 'n kaartjie." Hy het dit geneem en daarna gekyk. Aan een kant het dit gesê—gesê—gesê: "Waar sal jy die Ewigheid deurbring?" En aan die anderkant het dit 'n vraagteken gehad. "Waar sal jy die Ewigheid deurbring?" 'n Vraag.

Hy het teruggesteier, daarna gekyk; hy het gesê: "Juffrou, jy vra 'n ernstige vraag!"

Sy het gesê: "Maar dit moet besleg word!" Dis reg. Sy is anderkant die gordyn, vanaand. Ek onthou die laaste woorde wat

sy gesê het. Ek onthou wat ek vir haar gesê het; ek onthou dit. Ja, meneer!

201 Baie water is in die rivier af. Ons het altyd daar gestaan . . . En voor ons nog 'n kerk gehad het, het ons altyd gestaan en hande gehou en hierdie lied hier gesing. Ek kan dit net hoor. Myrtle was toe net 'n ou klein kindjie. Ek het klein Leroy se foto wat daarbuite staan, net so 'n ou kleintjie.

Geseënd sy die band wat
Ons harte in Christenliefde bind;
Die gemeenskap van geesgenote
Is soos dié van bo.

202 Wanneer ons dit sing, is daar baie van hulle wat daar oorkant wag op Sy koms.

. . . ons uitmekaar uit gaan,
Gee dit ons innerlike pyn; (Het julle mekaar lief soos dit?)
Maar ons sal steeds verbind wees in die hart,
En hoop om weer te ontmoet.

203 Broer Fleeman, jy is al naby daaraan, nie waar nie? Ek het net gedink, ek het jou geken toe ons na Broer Roy toe gegaan het. Onthou jy die Adcocks? Ek het vir Kenneth gekry. Wat was sy suster se naam? [Broer Fleeman praat met Broer Branham—Red.] Ek het hulle foto; ons het almal daar gestaan met ons arms om mekaar, rondom die voorkant van die plek, Dr. Roy E. Davis, pastoor. Ek het 'n ruk gelede na hulle gekyk. Doc het die ou foto's oorgebring. Het my soort van heel snaaks laat voel hieronder. Nou dit . . . baie van hulle het al heengegaan (sien?)—heengegaan. Sal nie lank wees tot dit ons is wat heengaan nie. Sien? Maar . . .

Maar wanneer ons uitmekaar uit gaan,
Gee dit ons innerlike pyn;
Maar ons sal steeds verbind wees in die hart,
En hoop om weer te ontmoet.

204 Onthou julle vir Broer Bosworth? Net voor sy heengaan, het hy opgestaan in die kamer, oor die vloer geloop, en hand geskud vir sy pa, en ma, en bekeerlinge van hom vir Christus. Veertig jaar, hulle was reeds veertig of vyftig jaar al dood. Hy het hulle daar in die kamer sien staan, het probeer om almal hulle te laat sien. Wat was dit? Die ou man was aan die oorgaan in daardie land waar ek daardie oggend was. Dis reg.

205 Ek het hulle daar oorkant gesien; hulle was weer jonk. Ons is steeds in ons harte verbind; ons hoop om weer te ontmoet. Dis reg. God seën julle.

206 Ek het toevallig teruggekyk in die gebou, so gepraat van my gekleurde vriende, en ek sien wel vir Broer en Suster Nash daaragter sit. Ek het nie geweet julle is daar nie. Het net toevallig agtertoe gekyk; hulle is ver agter. En hierdie ander broer wat hier

sit . . . Is dit die broer wat elke nou en dan daardie yslike groot uitroep van daaragter af vir my gee, wat daar oorkant sit? Ek kan nie op sy naam kom nie. Broer Wood het gesê hy het met hom gepraat. Hy het gesê: "Weet jy? Wanneer die Gees my tref, moet ek 'Haai!' skree." Het gesê: "Ek hoop ek hinder nie enigsins nie." Wanneer jy nie "Haai!" skreeu nie, hinder dit my. God seën jou. Ek het julle lief, broer, suster. Dis reg.

207 Broer Nash, Suster Nash, julle weet ek het julle lief. Ja, meneer! Julle is my broer en suster in Christus Jesus.

208 Liewe dierbare vriende, en enige ander, as ek sommige van hulle gemis het, daardie deure is hier oop vir julle. Die Hemel se deure sal ook oopgemaak word.

Maar ons sal steeds verbind wees in die hart,
En hoop om weer te ontmoet.

My . . . *My Geloof Kyk Op na U*, nou, terwyl ons sing. Laat ons nou nog een keer weer sing. Dis nou tyd om huis toe te gaan.

My geloof kyk op na U,
U die Lam van Gólgota,
O, goddelike Heiland!
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my skulde weg,
O laat my van vandag geheel Uwe wees!

Kom ons probeer weer daardie *Heilig, Heilig*, sal julle? Gee vir ons 'n akkoord, Suster. "O . . . " Ken julle dit? Onthou julle toe Suster Gertie-hulle dit altyd gesing het?

209 Dag is aan die sterwe in die weste, Hemele het aarde geseën; aarde is geseënd. Hoe hou ek nie van die ondergang van die aandson, wat ondergaan, die voëls wat hulle laaste roep maak nie. Dit moet, dan, na elkeen van ons toe kom. Ek dink daardie aandtyd . . . Het julle al ooit opgelet? Die wind sal ophou waai; die voëls sal stil word. Sien? Dis die wêreld wat sterf, die dag sterf om weer môre-oggend gebore te word. Goed, kom ons probeer dit nou as ons kan.

Heilig, Heilig, Heilig, Here God Almatig.

Lee, kom 'n oomblik hiernatoe. Ek—ek—ek glo dat ek—ek dink nie ek ken dit met daardie wysie nie. Laat ek dit sonder die musiek probeer. Sien? Kom ons kyk of ons dit kan kry. Nou, ek weet . . . Ek mag dit verkeerd hê. Sien? Help my nou, elkeen van julle, nou.

Heilig, Heilig, Heilig, Here God al—hoog!
Hemel en aarde is vol van U;
Hemel en aarde bring lof aan U,
O, Heer omhoog! (Hou julle daarvan? Doen dit nie iets aan julle nie? Kom ons probeer dit weer!)

Heilig, Heilig, Heilig, Here God omhoog!
Hemel en aarde is vol van U;
Hemel en aarde bring lof aan U,
O, Heer omhoog!

210 Ek hou daarvan, en julle? O, ek hou net van daardie goeie ou liedere. Daar is iets omtrent daardie liedere waarvan ek hou. Julle kan al julle ou opgekerfde liedjies kry, as julle wil. Gee my dit; ek hou daarvan. *Verby die Geskeurde Voorhangsel*, al hierdie ander mooi liedere soos dit; ek hou van hierdie liedere. Ek dink sang is deel van aanbidding (ja, meneer!), om die lof aan die Here te besing.

211 Goed, vir ons verdaging, nou, lied, is *Neem die Naam van Jesus Met Jou*. Mag die Here julle nou seën terwyl ons staan.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
O, neem dit oral met jou mee.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Nou, hier is die vers waarvan ek hou, en dis vir almal van julle nou 'n waarskuwing. Doen wat?

Neem die Naam van Jesus met jou,
As 'n skild teen elke strik; (Luister!)
As versoekings om jou saamtrek, (Wat moet jy doen?)
Roep net die heil'ge Naam in gebed.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Kom ons buig nou ons hoofde.

Weer ontmoet, weer ontmoet,
Weer ontmoet aan Jesus' voet; (Weer ontmoet.)
Weer ontmoet, . . .

[Iemand sê: "Sal jy my in gebed onthou?"—Red.] Here Jesus, seën my dierbare broer, en genees hom nou in Jesus' Naam. Skenk dit, Here.

Vrae en Antwoorde AFR64-0830E
(Questions and Answers)
Gedrag Orde En Doktrine Van Die Kerk reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 30 Augustus 1964, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org